gingen en mishandelingen van den beginne der erectie der Colonie of door 's Compagnie's dienaaren hun aangedaan? Vreedzaam in hunne vaderlijke hoolen, zien zij, zonder de minste tegenkanting een vreemde natie zich op hunne kusten ter neder zetten. Zij schuiven op naar maate deeze zich uitbreiden, voorzien hun van runderen en klein vee, en dit alles kan hun gierigheid (die gierigheid van die blankes) niet verzaden. Jalours, zou men zeggen, om de Spanjaarden in America op een kleinere toneel en in een mindere graad na te bootsen vervolgen de Colonisten deese stille en vreesachtige lieden, verstrooyen hunne kraalen of dorpen, ontsteelen hun vee, maaken den mannen en zoonen tot slaaven en lijfeigenen, verjaagen anderen uit lijfsvreeze naar woeste hoolen en bosschen, die ongevoelig tot den staat van wildheid vervallende, nu op hun beurt de gevaarlijkste vijanden der Colonie geworden zijn, en met welke Boschjesmans Hottentotten eenen gedurigen oorlog moet worden onderhouden, verweerender en aanvallender wijze, bij welke alle denkbeelden van beschaaving en menschlijkheid uit het oog verlooren worden, en die bij de grensbewoners in Graaff-Reinet realiseert het treurig ideaal van Hobbes: *Bellum omnium contra omnes.*'' Gelukkig, vervolg De Mist, dat die slawe dit betreklik goed onder hulle base het, maar die slawerny is 'n instelling wat nie behoort te bestaan nie, en algehele emansipasie moet langsamerhand ingelei word deur 'n verbod teen verdere invoer en die vrystelling van slawekinders. Die arbeidskwessie wat hieruit kan ontstaan, moet deur immigrasie en 'n groter gebruik van die werkkrag van die inboorlinge opgelos word, want as hulle beter behandel word, sal hulle ook van meer ekonomiese waarde wees. Eindelik is dan ook nog noodsaaklik die afskaffing van papiergeld. Dit sal natuurlik ook nie onmiddellik kan gebeur nie, maar die oorskotte wat die verbeterde administrasie vir die regering sal afwerp, moet veral hiervoor aangewend word.

Van hierdie omvattende hervormingskema het De Mist groot verwagtings gekoester. Suid-Afrika sal 'n land word met 'n toenemende blanke bevolking, want „dit hangt aan de Caap alleen van den wil van het Goevernement af,'' en hierdie lewenskragtige Kolonie, strategies so belangrik, sal ook vir die moederland 'n kosskuur en 'n bron van rykdom wees. Die vrees daarenteen dat dit nes Amerika onafhanklik sal word is „uit locale en politieke redenen zeer ongegrond.''

### § 2. Die Eerste Stappe van De Mist en Janssens.

Sonder oordrywing kan beweer word dat geen verantwoor-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

delike gesagvoerder voor of na hulle met so 'n welgemeende en belangrike opdrag, en met soveel geesdrif om dit uit te voer, na Suid-Afrika gekom het as kommissaris De Mist en goewerneur Janssens nie; en van die staanspoor af het hierdie twee humane, verstandige en bekwame manne pragtig saamgewerk om hulle hoë doel te bereik. Nieteenstaande die feit dat sommige van die nuwe hoë beamptes nog nie aan die Kaap was nie, is die sentrale regering op die basis van die *Memorie* ingerig. Goewerneur Janssens met sy Raad sou voortaan die regering uitmaak, maar solank soos kommissaris De Mist hier gebly het, was hulle aan hom ondergeskik. Ook die nuwe Raad van Justiesie het tot stand gekom, ofskoon een regter en die sekretaris nog in Europa was, en die prokureur-generaal, advokaat Gerard Beelaerts van Blokland, nog nie sy reis hierheen voltooi het nie. Die Burger-Senaat is afgeskaf, en die Kaapse Gemeenteraad het sy administratiewe pligte oorgeneem, maar nie sy geërfde bevoegdheid om die burgerlike bevolking van die Kolonie as 'n geheel te verteenwoordig nie. Verder is 'n algemene amnestie geproklameer, waaronder die oorblywende veroordeeldes van die Van Jaarsveld-rebellie hulle vryheid verkry het; die diensdoende laer beamptes het hull poste behou; en in die buitedistrikte is bekend gemaak dat die plaaslike bestuur daar, na 'n deeglike ondersoek, beter georganiseer sou word.

De Mist en sy vriend het al dadelik met moeilikhede te doen gehad. Die politieke verdeeldheid van die koloniste was 'n lastige probleem. Janssens skrywe hieromtrent: „Men heeft hier maar twee benamingen voor de Politique Partijschappen, *Jacobijn* en *Angloman.* Indien alle ingezetenen een van die beijde benamingen volstrekt verdiende, was er niemand bruikbaar, de eerste zijn de grootste monsters die immer voortgebragt zijn en behoorden alle *buiten de wet te zijn,* de laatste zijn vijanden van het Vaderland, zoo als alle zijn die in een Maatschappij wonen en openlijk verklaren en daden doen die overtuigend bewijzen dat zij... een vreemde magt aankleven en de oppermagt er van trachten te behouden en weder te bekomen.'' Die goewerneur vind egter dat daar in albei partye fatsoenlike mense is, en hy het sy kollega aangeraai om aan geen van beide, by benoeminge, die voorkeur te gee nie, 'n politiek wat dan ook met goeie gevolg nagestreef is.

'n Twede moeilikheid was van konstitusionele aard. Dat die Kaapse Gemeenteraad nie 'n direkte voortsetting van die Burgersenaat was en dus nie die wye verteenwoordigende funksie van die ou Kollegie van Burgerrade behou het nie, wou nie goed by die koloniste ingang vind nie. Hulle kon hierdie reak-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sionêre maatreël van De Mist moeilik met die liberale grondslag van die Bataafse Republiek rym, en in die eerste helfte van die jaar 1803 reeds het hulle 'n toetssaak daarvan gemaak. Hendrik van Nieuwkerken (Niekerk), 'n burger van Stellenbosch, is weëns beweerde mishandeling van 'n slaaf, Pedro, deur die agerende Prokureur-generaal, Van Hasselt, beboet, die swye opgelê, en met tronkstraf bedreig. Nege van sy vriende het die belediging hom aangedaan en die eiemagtige optree van die agerende prokureur-generaal so sterk gevoel, dat hulle 'n petiesie aan die Gemeenteraad gerig het om die saak onder die aandag van die Politieke Raad (die ou naam het bly voortbestaan!) te bring. De Mist het die petisionarisse weëns hulle onkonstitusionele handelwyse skerp op die vingers getik. Hy was nie van plan om hierdie ou historiese gebruik in sy regeringstelsel te bestendig nie.

Dié groot probleem vir die nuwe regeerders was natuurlik die herstel van rustige en gesonde toestande in die oostelike dele van die Kolonie, en in ooreenstemming met die gees van die *Memorie*, dat daarvoor 'n persoonlike ondersoek nodig was, het generaal Janssens 'n maand na die oorname van die Kaap 'n reis na Graaff-Reinet onderneem. Hy het oor die Hottenots-Holland-berge gegaan en die sendingstasie Genadendal besoek, waar die werk van die Morawiese broeders 'n baie gunstige indruk op hom gemaak het. Tot in die omgewing van Mosselbaai was hy ook baie ingenome met die manier waarop die koloniste hom ontvang het. Hy skrywe aan De Mist uit Swellendam: „Het genoegen op het platteland van aan het Moederland teruggegeven te zijn schijnt zeer algemeen,'' en met veel waardering maak hy melding van die „zonderling schoone'' perderuiters, wat hom met vreugdeskote tegemoet ry en lang afstande vergesel, en van die „tafels met profusie opgedist en bijzonder goed gereed gemaakt,'' wat die Afrikaanse gasvryheid vir hom en sy reisgeselskap vóórsit. Hy meen dat van hierdie mense „alles goeds'' te maak is, maar hulle het opvoeding nodig, en hy stel dus voor dat „drie predicanten benevens ten minste een douzain schoolmeesters'' onmiddellik uit Nederland moet ontbied word. So goed staan die land hom aan, dat hy nou reeds die wens uitspreek dat hy na ses jaar sy goewerneurskap sal mag neerlê en op 'n plaas, wat hy as beloning vir sy dienste hoop te kry, 'n mooi boerdery sal kan aanlê.

Van die Gouritsrivier af kom daar 'n heeltemal ander toon in Janssens se briewe. Hy ontmoet hier 'n aantal vlugtelinge, wie se huise deur die Kaffers en Hottentots afgebrand was, en hy skrywe: „Deze menschen hebben mij het voorgevoel ge-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

geven van hetgeen mij verder te wagten staat: klagten, ongelukken, dom bijgeloof, lust tot wraak, vooral om Caffer ossen en koeien te bekomen, ontevredenheijd over alle die gesag hadden of hebben, geene uijtgezonderd, hoop dat wij alles zullen redden (het geen onmogelijk is) is alles wat men hoord.'' Hoe verder hy sy reis na Algoabaai vervolg, hoe meer tekens van verwoesting tref hy aan, maar hy laat hom, vreemd genoeg, nog altyd baie onsimpatiek teenoor die verarmde koloniste uit, die meeste van wie, volgens sy eie bevinding, nie meer huise het nie en in verspreide geselskappe in waens woon. Die oorsake van hierdie gevoelloosheid by Janssens was die sterk vooroordeel wat Barrow in sy gemoed teen die veeboer gewek het en die klagtes van die Hottentots oor hulle vroeëre base wat hy dag na dag moes aanhoor. Van Plettenbergsbaai skrywe hy: „Op mijne weg presenteeren zig vele Hottentotten met bittere klagten, niet over slagen of naaktheijd, die schijnd reeds beneden het klaagpunct te zijn, maar over onthouding van kinderen of vee, ja over vermoorden van aanverwanten. Ik heb aan den landdrost van Zwellendam geschreven, en hem het gestrengste onderzoek bevolen.'' By Algoabaai het hierdie klaagliedere van die Hottentots die toppunt bereik. Dr. van der Kemp en sendeling Read was hier met 'n gekleurde gemeente van omtrent twee honderd siele in die verlate Fort-Frederick gevestig, en uit hulle mond het hy soveel van die afgryslike wreedhede van die boere verneem — en geglo, dat sy verontwaardiging geen grense meer geken het nie. Aan 'n skriftelike lys van klagte, wat 'n paar weke later deur die twee sendelinge ingedien is, ontleen ons die volgende tiepiese beskuldigings: —

„(1) Sanna Platje klaagt dat haar man Hendrik uit het veld komende met honing door Thomas Ferreira was aangehouden, die hem, alzoo hij een ledige kruidhoorn en kogeltasch bij zig had, opstreed dat hij ook een snaphaan moest gehad en die verstoken hebben. Hij dit (als niet waar zijnde) ontkennende, had Ferreira hem gebonden naar zijn bovenste huis gebragt, en daar vermoord. Kaatje Schiemann getuigt hem te hebben zien wegsleepen. Stout (dochter van Ourssen) verklaart gezien te hebben dat hij door Ferreira, geholpen door zijn zoons en Lukas, zoon van Van Rooijen, levendig met messen is in stukken gesneden.... Sanna verzoekt dat Thomas Ferreira gecondemneerd worde om haar eenige koebeesten tot levensonderhoud voor haar en haar kind te geven....

(8) Willem Booij en Willem Meijer verklaaren dat zeekere Hottentot (Oursson genaamd) met vrouw en kind naar de Baaij komende, door een anderen Hottentot (genaamd Paul)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

met toestemming van Pieter van Rooijen was geschooten; doch dat de schoot missende, hij (hem) met die kolf van 't geweer had neergeveld en den hals afgesneeden, vervolgens de vrouw gekeeld en het kind levendig in stukken gesneeden had...."

Geen wonder dat Janssens met sulke getuienisse voor hom aan De Mist skrywe: „De wreedheden tegens die Hottentotten gepleegd gaan alles wat men er aan de Caapstad van zegd, ja wat men er zig van verbeelden kan, te boven; en zoo ik op mijne reijze de populariteijt verliezen mogte, zal de oorzaak er van wezen, dat ik zulks in Uwe en in mijne naam ten sterkste afkeur en verklaare dat, als het voortduuren mogt, door middel van de justitie de beul de ongelukkige wreeken zal."

Dit sal later ons werk wees om die geloofwaardigheid van hierdie en soortgelyke klagtes aan die hand van 'n regterlike uitspraak te toets, maar in die verbygaan wil ons hier reeds op 'n paar punte opmerksaam maak. Wie die lys deurkyk sal sien: dat die beskuldigdes twee of drie boere was, wie se plase in die nabyheid van die Hottentot-lokasie gelê het, en dat die kleurlinge, aan wie die beweerde wreedhede gepleeg sou gewees het, meesal swerwende Hottentots was, wat onder suspisieuse omstandighede op plekke waar hulle kon steel, aangetref is. Verder laat die buitensporigheid van die beskuldigings ons dadelik aan hulle egtheid twyfel, en in hierdie verband is dit van die grootste belang dat èn Janssens èn De Mist, wat aan die begin so vas van die wreedheid van die boere oortuig was, albei binne 'n paar maande, nadat hulle die grens besoek het, die klagte van die gekleurdes nie meer ernstig opgevat het nie. De Mist, van 'n reis na die grens wat ons weldra sal beskrywe, teruggekeer, sit met sy eie hand die volgende kanttekening in die *Memorie* naas sy jammerkreet oor die akelige lot van die „vreedzame" barbare wat uit hulle „vaderlijke hoolen" verjaag is: „Deeze jeremiade schreef ik, voor dat ik de Kaap zelve doorkruis had, op het gezag voornaamlijk van Degrandprè en Barrow. Ik dacht toen niet dat het moogelijk was uit enkel nationalen nijd zo veele lasteringen te kunnen uitbraken. Indien men de helft daarvan terstond afsnijdt, een vierde voor twyfelachtig houdt, en het laaste vierde door goede inrigtingen verbetere, zullen de Hottentotten nog gelukkiger zijn als een Meyereysche kleine boer."

Terwyl Janssens begerig was om die Hottentots te beskerm, het hy ook planne beraam om aan hulle rondswerwery, wat die bron van soveel kwaad was, 'n end te maak. Op die Klein Swartkopsrivier is 'n mooi groot plaas van byna sewe duisend morge vir Van der Kemp, Read en hulle volgelinge uitgesoek,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en so kom Bethelsdorp tot stand, 'n plek waarvan ons nog veel sal verneem. Met Klaas Stuurman en die ander Hottentot-kapteins langs die Sondagsrivier is onderhandelinge aangekoop, en dit het die goewerneur geluk om hulle te beweeg om ook so in lokasies langs die Gamtoosrivier, d.w.s. verder van Kafferland af, te gaan woon. Baie Hottentots het ook weer teruggekeer na hulle base. Die Hottentotsgevaar was verby. Hierdie gunstige afloop moet vir 'n groot deel toegeskryf word aan Janssens se simpatieke maar ferme houding. Almal het gevoel dat hy hulle beswil beoog, en dat die Bataafse troepe wat in Fort-Frederik onder Kaptein Alberti gestasionneer is, werklik 'n grensmag was.

Met die Kaffers het die goewerneur veel minder uitgerig. Hy het vir Slambie, Koengwa en ander Suurveld-hoofde op die Sondagrivier ontmoet en wou hulle beweeg om oor die Visrivier na hulle eie land terug te keer. Hulle antwoord was dat dit eers moontlik sou word, nadat hulle vir Gaika, hulle vyand, die neerlaag wat hulle besig was om voor te berei, toegedien het. Slambie veral was baie oorlogsugtig en haatdraend teenoor sy neef, en wou hom nie laat paai nie. Janssens wou natuurlik die hervatting van die Kosa-burgeroorlog, wat vir die Kolonie baie nadelig kon word, voorkom, en hy wou ook die grensreëling met Gaika bespreek. Hy trek dus oor die Visrivier, waar Coenraad Buys as gesant van die koning hom kom ontmoet het, en eindelik op 24 Junie tref hy vir Gaika op die Katrivier aan. Vir Janssens was dit alles baie interessant en nuut. „De Caffers zijn door elkanderen schoone menschen, en Gaika is verre de schoonste aller Caffers,'' skryf hy. Die jong Rarabe-opperhoof imponeer hom ook deur sy intelligensie en onbevange, vorstelike houding. Hy was onmiddellik gereed om die Visrivier as die westelike grens van Kafferland te erken, en al die stamme van die Suurveld kon, wat hom betref, terugkeer, maar hy wou geen vredesvoorstelle aan Slambie maak nie. Hy belowe ook om die blankes, deserteurs en uitgeweke boere, uit sy land te stuur. Alleen vir Coenraad Buys wou hy nie dwing nie. Hierdie persoon het egter 'n tydjie later self in die Swellendam-distrik gaan woon. Miskien as gevolg van hierdie onderhandelings het die grensboere 'n tydlank minder onder die rooftogte van die Kaffers gely; maar die oorlog tussen Gaika en Slambie het voortgeduur, en die Suurveld is nie deur die Kaffers ontruim nie.

Na sy terugkeer uit Kafferland het Janssens verby die Bosberg na Graaff-Reinet gereis, die heemrade ontmoet, planne met hulle beraam om rustige toestande te skep en die noorde-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

like grens tot by Van Plettenberg se baken besoek om die Boesmanonluste te leer ken. Hier ontvang hy berig uit Kaapstad dat die Engelse oorlog waarskynlik weer binnekort sou uitbreek, en hy het dus so gou moontlik sy ondersoekingsreis beëindig en na die hoofstad teruggekeer.

Nou was dit kommissarie De Mist se beurt Hy was ook baie begerig om die land te bereis en met sy eie oë die toestande te besien, en die vrees dat 'n nuwe Europese oorlog dit vir hom onmoontlik kon maak, het hom tot haas aangespoor. In die begin van Oktober 1803 was hy reeds met 'n groot geselskap onderweg. Sy dogter, Augusta, en ons ou bekende, dr. Lichtenstein, die hoof van die hospitaal, het hom vergesel, en van albei besit ons mooi beskrywings van die reis.

Die tog het oor die Olifantsrivier na die noorde gegaan. want De Mist wou eers die westelike kusstreek en binneland besoek, wat Janssens nie bereik het nie. Ook hy is orals met die grootste vriendelikheid ontvang, en sy indruk van die westelike veeboere was so gunstig, dat hy al dadelik aan die geloofwaardigheid van Barrow begin twyfel het. Uit Namakwaland het die reisigers deur die Rôeveld en die Bokveld teruggekeer en eindelik oor die Witsenberge by Rodesandkerk aangeland. Die gewone weg na die ooste toe is hier ingeslaan; Brandvlei, die warm bron naby die teenswoordige Worcester, Genadendal, Swellendam, Mosselbaai, ens., is besoek, en in die begin van Januarie 1804 het die kommissaris Algoabaai bereik. Baie interessant is sy ontmoeting hier met sy ou studiekennis, dr. Van der Kemp.

Lichtenstein beskryf dit as volg: „Des daags na onze aankomst in de Algoabaai maakte de heer Van der Kemp aan den Commissaris-generaal zijne opwachting. Juist op het heetste van den dag zagen wij eenen boeren wagen, door vier magere ossen getrokken, langzaam door de zandige duinen op ons komen aanrijden. Van der Kemp zat op een dwars over denzelven gelegde plank, zonder hoed, den eerwaardigen kalen schedel gerust aan de hete zonnestralen blootstellende. Zijne kleeding besond in eenen afgesleten zwarten rok; kamizool en broek waren van hetzelfde goed; hemd, halsdoek of das en kousen droeg hij niet, maar aan de voeten droeg hij veldschoenen, zoo als ze de Hottentotten dragen. De Commissaris-generaal ging vriendelijk naar buiten om hem te ontvangen; hij klom af en naderde met langzame schreden — eene groote, magere en eerbiedwekkende gestalte, met sporen in het gelaat, dat hij voorheen een zeer schoon man was geweest, terwijl in zijn oog thans nog een vuur schitterde, waaruit men de kracht



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

opmaken kon, die hij, in vroegere jaren, moest bezeten hebben. In plaats van eene groet sprak hij een kort gebed uit, waarin hij onzen chef en deszelfs gevolg zijnen zegen gaf en God om Zijne bescherming op hunne verdere reis aanriep. Daarop trad hij met ons binnen en sprak openhartig en onbeschroomd, zoo wel als zonder eenige aanmatiging, over verschillende onderwerpen. De heer De Mist herinnerde hem, dat zij elkander, voor 36 jaren, te Leiden gekend hadden, waar hij juist in de regten had gestudeerd, toen de heer Van der Kemp aldaar als luitenant onder de dragonders van de garde in bezetting lag. Hij noemde hem het koffijhuis, waar zij elkander somtijds hadden gezien en riep hem verscheidene voorvallen wederom in het geheugen, die zij te zamen beleefd hadden. Van der Kemp herinnerde zich dit alles zeer naauwkeurig en levendig, er bijvoegende, dat hij toen een vrolijk en niet geheel geregeld leven geleid had, maar hoopte dit naderhand, door zijnen wandel in het algemeen en door zijn tegenwoordig werk in het bijzonder, te hebben geboet. Voorts verhaalde hij verscheidene merkwaardigheden nopens zijn verblijf onder de Kaffers en gaf zeer bereidwillig menige opheldering aangaande het eene en andere voorval uit den laatsten rampspoedigen oorlog. Voor het eten sprak hij weder een lang gebed, at zeer weinig, dronk geenen wijn, had, na het eten, eene conferentie met den Commissaris-generaal, en reisde daarop weder naar Bethelsdorp terug.''

Twee dae later vereer De Mist vir Van der Kemp met 'n teenbesoek op Bethelsdorp. Ons laat weer vir Lichtenstein aan die woord: „Men kan zich, in der daad, geene verbeelding maken van den kommerlijken toestand, waarin zich dit instituut aan den reiziger, inzonderheid wanneer hij de Baviaanskloof (Genadendal) gezien heeft, voordoet. Op eene uitgestrekte vlakte zonder eenen enkelen boom, ja, bijna geheel zonder drinkwater, staan 40 tot 50 kleine hutten in de gedaante van halve kogels, en waarin geen mensch regtop staan kan, ongeregeld en verstrooid in de rondte. Omtrent in het midden staat eene leemen hut met een dak van stroo, die de kerk genoemd wordt, en vlak daar naast eenige kleinere hutten voor de Zendelingen. Thans reeds ziet alles er vervallen uit, gelijk het ook slordig en armoedig gebouwd is. Ver in het rond is in den geheelen omtrek geen struik te zien, want wat er maar van dien aard te vinden was, heeft men tot brandstof gebruikt; de geheele grond is overal kaal en plat getreden; nergens is eenig spoor van menschelijke vlijt; waar men heen ziet, ontdek men magere, met oude vodden of geheel naakte gestalten,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

trage, slaperige gezigten. De ondersteuningen der zendelinggenootschappen in Engeland en Holland, de onderstand, dien die regering bewilligt, de jagt en eenige veefokkerij, wier opbrengst echter, met hetgeen er gebruikt wordt vergeleken, volstrekt niet noemenswaardig is: dit zijn de middelen, waaraan deze twee honderd en vijftig menschen hun onderhoud te danken hebben. Men behoeft zich niet te verwonderen, dat dezelve niet genoegzaam zijn, en Van der Kemp klaagde bitter, dat hij reeds een goed deel van zijn eigen vermogen opgeofferd had. Des te onverklaarbaarder is het, dat hij er niet ernstiger voor zorgt, dat zijne onderhoorigen, door eigene werkzaamheid, zich het ontbrekende zoeken te verschaffen; maar hij schijnt het tijdelijk welzijn zijner leerlingen geheel en al uit het oog te verliezen, om slechts hun eeuwig heil te bewerken. In zijne eigene hut heerschte eene armoede, die in morsigheid ontaarde en welke met de zorgloosheid in betrekking staat, waaraan hij zich, ten opzigte van het uitwendig leven zijner onderhoorigen, schuldig maakt. Niet zonder zelfbehagen scheen hij ons te willen doen opmerken, hoe weinig hij nodig had om te leven, maar hij zou ongetwijfeld beter doen, indien hij de Hottentotten, om zoo te spreken, tot zich optrok en hen aan zekere meer beschaafde behoeften en edeler genietingen gewende, dan dat hij zich nu zoo geheel en al tot hen nederbuigt en hunne ontberingen met hen deelt. Het komt mij voor, dat de heer Van der Kemp tot zendeling om Heidenen te bekeeren niet veel deugt, deels dewijl hij een te groot enthusiast is en, op eene al te uitsluitende wijze, alleen in het denkbeeld van de menschen maar te bekeeren, zoo als men het noemt, verkeert en leeft, en deels omdat hij te zeer geleerde is, dat heet te weinig vertrouwelijk bekend met de algemene kundigheden, die van toepassing en gebruik zijn in het dagelijksche leven, zelfs van eenen onbeschaafden Hottentot. Van daar zijne verwaarloozing van den akkerbouw en de handwerken, die zijne leerlingen volstrekt drijven moesten, indien zij gelukkig worden zullen; van daar mede zijne verkeerde begrippen aangaande de betrekking van zijn instituut tot de naburige Colonisten, van welke hij begeert, dat zij, tot onderhoud van hetzelve, uit hunne middelen bijdragen zullen.''

So het De Mist dan vir Van der Kemp aangetref, en so het die Kommissaris-Generaal en sy geselskap oor die oostelike sendelingpioniers se werk gedink, nadat hulle dit self gesien het.

Van Algoabaai het die reis deur die Suurveld gegaan, en De Mist het pogings aangewend om vir Slambie, Koengwa, ens.,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

te ontmoet. Dit het hom nie geluk nie, omdat die onderlinge Rarabe-oorlog hulle aandag in beslag geneem het. Ook Gaika het, nieteenstaande sy mooi boodskappe, 'n onderhoud ontwyk, en sonder om oor die Visrivier te gaan het De Mist oor Bruintjieshoogte Graaff-Reinet bereik. Hy het hier 'n tydjie vertoef, maar nie lank genoeg om die nuwe landdros, Andries Stockenström, op sy pos te ontmoet nie. Die Kommissaris het egter hierdie bekwame beampte, wat as distriksekretaris in Swellendam naam gemaak het, op sy terugreis oor die Karo ontmoet en in sy amp bekragtig. Teen die end van Maart 1804 was De Mist terug in Kaapstad, en aangesien sy reis nou oor die Heksrivierpas gegaan het, het hy feitlik die hele Kolonie gesien. Dit was dan ook sy hoofdoel.

Ons sal nog op baie belangrike direkte uitvloeisels van hierdie reis let, maar in die algemeen kan ons nou reeds sê dat De Mist, nog meer as sy ondergeskikte kollega, deur persoonlike kennismaking met die Koloniste in al die dele van die land 'n gees van weersydse vertroue geskep het, wat veel daartoe bygedra het om gesonde toestande tot stand te bring. Hy was, soos ons weet, nou heeltemal daarvan oortuig, dat Barrow 'n slegte leidsman was, en ook omtrent dr. Van der Kemp en Read se werk en hulle verhouding tot die boere het hy sy eie oordeel gevorm. Ongelukkig het die weeruitbreek van die Europese oorlog sy terugkeer verhaas; in Februarie 1805 het hy in 'n Amerikaanse skip ons kus verlaat; maar daarmee was sy invloed hier nie op 'n end nie, want Janssens, sy vriend en die deelgenoot van sy planne en ideale, het in sy gees die bestuur voortgesit.

## § 3. Administratiewe Verbeterings.

Reeds in Graaff-Reinet, op 7 Februarie 1804, het De Mist die suidoostelike hoek van die kolonie tot 'n nuwe distrik geproklameer. Die oosgrens van hierdie distrik sou die Visrivier wees; in die noorde sou 'n lyn van die mond van die Bobbejaansrivier en langs Bruintjieshoogte na die boloop van die Gamtoosrivier dit van Graaff-Reinet afsny; terwyl die skeiding van Swellendam in die weste van 'n punt op die kus omtrent dertig myl wes van Kaap St. Francis langs die Kromrivier na die Gamtoosrivier sou strek. Kaptein Alberti, die militêre bevelvoerder in Fort-Frederick, is tot landdros van die nuwe distrik benoem, en op 25 April 1804 het goewerneur Janssens ter ere van die Kommissaris, wie se volle familienaam Van Uitenhage de Mist was, die naam Uitenhage daaraan gegee.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die leningsplaas van 'n weduwee Scheepers is teen 'n vergoeding van 2,000 riksdalers deur die regering in beslag geneem, en hier is die nodige administratiewe geboue langsamerhand opgerig. In die tussentyd is heemrade benoem, en op 15 November het die landdros by hulle eerste vergadering gepresideer.

Nog voor hierdie sitting is ook 'n nuwe noordelike grensdistrik gekreëer. Op 11 Julie 1804 het De Mist die hele gebied noord van die Brederivier en Verlore-Vlei op die weskus van Stellenbosch afgesny, en 'n paar dae later het goewerneur Janssens die naam van Vader Tulbagh, wat nog altyd so 'n aangename klank in die ore van die koloniste had, daaraan verbind. By Rodesand, wat voortaan Tulbagh geheet het, is 'n drosdy gebou, en landdros Van de Graaff, 'n neef van goewerneur Van de Graaff, het hom hier gevestig. 'n Aantal heemrade is natuurlik aangestel om hom by te staan.

Ons sal ons herinner dat De Mist in sy *Memorie* die noodsaaklikheid van meer binnelandse administratiewe sentra op die voorgrond gestel het, maar dat hy van plan was om die nuwe distrikte op 'n heeltemal nuwe basis, nl. 'n suiwer geografiese, in te deel, en dat hy hulle liefs met syfers wou onderskei. Dit getuig van sy bereidwilligheid om tog met die geskiedenis en die gevoel van die koloniste rekening te hou, dat hy hierdie rasionele ontwerp nie konsekwent deurgevoer het nie. Hy en Janssens was nie, soos Barrow, verstok in hulle vooroordeel nie. Al na hulle die landsomstandighede leer ken het, was hulle gereed om hulle eerste planne te wysig. Die historiese fondament van ons samelewing is op slot van sake tog deur hulle gerespekteer. Ons sien dit baie duidelik in die belangrike „Bepalingen en Instructiën voor het Bestuur van de Buitendistricten van de Kaap de Goede Hoop,'' wat goewerneur Janssens in Oktober 1805 uitgevaardig het. Hierdie skrifstuk was vir 'n groot deel slegs 'n herhaling van soortgelyke instruksies, wat die Kaapse regering gedurende die bewind van die Oosindiese Kompanjie van tyd tot tyd vir die landdroste en heemrade opgestel het; maar die instruksies van Janssens was veel vollediger en is ook meer sistematies ingedeel. Ons vind dan ook dat hulle later na 1806 deur die Engelse goewerneurs herhaal is. Hulle het dus die basis gebly waarop die buitedistrikte geadministreer is, totdat eindelik in 1828 die hele mooi ou stelsel van plaaslike selfbestuur verdwyn het.

Die inhoud van hierdie proklamasie is kortliks as volg: Elkeen van die vyf buitedistrikte, Stellenbosch, Swellendam,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Graaf-Reinet, Uitenhage en Tulbagh, word bestuur deur 'n landdros en 'n aantal heemrade. Die landdros word deur die goewerneur aangestel en is 'n besoldigde beampte, terwyl die heemrade uit die aansienlikste burgers van die distrik gekies word. Aan die end van elke jaar tree twee van hulle om die beurt af, en hulle plekke word deur die goewerneur gevul uit 'n lys van vier wat die oorblywende heemrade self opmaak. Hulle kry geen salarisse nie. Landdros en heemrade is belas met die gewone plaaslike administrasie en beskik ook oor 'n beperkte jurisdiksie as regters. Hulle kan siviele sake van ondergeskikte belang afhandel, maar teen hulle uitspraak kan altyd na die Raad van Justiesie geappelleer word. Die landdros kan ook self, of na raadpleging met die heemrade, bediendes en slawe vir „kleine huislijke misdrijven'' ligte lyfstraf oplê, in die ysters slaan of hoogstens vir ses maande in die tronk hou. Elke distriksbestuur is verder belas met die kontrolering van die opgawes, die insameling van die belastings en die uitgee van nuwe plase. Van hulle word ook verwag dat hulle op verskillende gebiede as voorligters moet optree. Hulle moet b.v. deur die invoer van wolskape aan te moedig die boerdery probeer bevorder en ook op ander maniere oor die materiële en geestelike welsyn van die gemeenskap 'n wakende oog hou. Hulle moet sorg dat die slawe en gekleurdes geen onreg ly nie, en streng toesien dat geen koloniste sonder spesiale verlof oor die grens van die Kolonie in Kafferland gaan nie. In elke wyk stel die goewerneur op voorstel van die landdros 'n veldkornet aan. Hierdie ondergeskikte regeringsverteenwoordiger, die voortsetting van die veldwagmeesters van 'n vroeër tyd, is die orgaan deur wie amptelike bevele en proklamasies op die platteland bekend gemaak word. Hy ontvang geen salaris nie, maar is vrygestel van belastings en die jaarlikse rekogniesiegeld vir sy plaas, want dit spreek vanself, dat hy een van die boere sal wees. Hy sorg ook dat wet en orde in sy veldkornetskap bly bestaan, hou lykskouings, arresteer misdadigers en roep die burgers van sy wyk vir militêre diens op. Alleen in baie dringende gevalle mag hy dit op eie inisiatief doen. In die reël moet hy eers verlof daartoe van die landdros kry. Vir militêre doeleindes is die manlike bevolking in drie klasse verdeel: 16 tot 30 jaar, 30 tot 45 jaar en 45 tot 60 jaar, en die veldkornet moet, as hy kommandeer, hierdie verdeling volg maar ook daaraan dink om die ongetroudes voor die getroudes op te roep. Mans van meer as 60 jaar oud is, „buiten gevallen van algemeenen of uitersten nood,'' van verpligte militêre diens bevry. Eindelik



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

is dan ook nog 'n proklamasie van De Mist van 1804 in die regulasies opgeneem. Daarvolgens was dit nie meer nodig vir die binnelanders om die lang reis na Kaapstad te onderneem as hulle wou trou nie. In elke distrik sou voortaan 'n kommissie, bestaande uit die landdros en 'n paar heemrade, die reg hê om verlof tot 'n huwelik te verleen. Ja, die huwelik kon selfs finaal voor hulle gesluit word, want volgens De Mist was dit 'n siviele kontrak, waarby die medewerking van die Kerk nie absoluut noodsaaklik was nie.

Hierdie laaste bepaling en die stigting van die twee nuwe drosdye was die mees ingrypende veranderings in die administrasie van die buitedistrikte, wat onder die Bataafse regering ingevoer is. Die ewe genoemde regulasies het in die praktyk, vereers in elk geval, geen groot verandering in die bestaande toestand teweeggebring nie. Vir die binnelander was dit natuurlik 'n verligting dat hy nou op sy eie dorp kon trou, maar vir ander doeleindes het hy tog nog dikwels Kaap-toe gery. Van veel meer betekenis was seker vir hom die gevoel van vertroue wat die nuwe gesagvoerders by hom opgewek het. Dat die Regering eintlik daarop uit was om 'n strenger kontrole oor die distriksbesture van uit Kaapstad in te voer, b.v. deur die inrigting in Januarie 1805, van 'n gereëlde weeklikse posdiens tussen die hoofstad en die drosdye van Stellenbosch en Tulbagh, naas 'n soortgelyke maar minder gereelde verbinding met die verder-afgeleë distrikte, het die koloniste waarskynlik nie eers gemerk nie. En, in elke geval, die genoemde binnelandse posdiens, wat in die eerste plek wel bedoel was om die Regeringskoerant en ander offisiële stukke gou onder die aandag van die plaaslike gesagvoerders te bring, asook om hulle korrespondensie met die sentrale regering te bevorder, was om dié redes nie minder welkom nie, en was daarby tog ook vir privaat briewe ingestel. Die boere het dan ook meegehelp om 'n sukses daarvan te maak, en enkeles wat langs die groot paaie gewoon het, het onder kontrak die possakke te perd oor vasgestelde afstande vervoer.

## § 4. Kulturele en Ekonomiese Aangeleenthede.

Uit sy *Memorie* blyk dit dat De Mist baie sterk aan die gesondmakende krag van goeie wette geglo het. Ons is vandag nie meer so oortuig hiervan nie, want ons weet dat die geluk en voorspoed van 'n samelewing veel meer afhanklik is van sy eie inspanning en van die gees wat in hom heers as van regeringsmaatreëls. Ons moet egter erken dat De Mist en Janssens



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

in hulle proklamasies en ordonnansies altyd die belange van die koloniste op die voorgrond gestel het, en waar sommige van hierdie bepalings nie veel vrugte afgewerp het nie, moet veral die kort duur van die Bataafse Tydperk aan die Kaap daarvoor verantwoordelik gehou word. Aan die kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die Kolonie het De Mist en sy vriend groot waarde geheg, maar waar dit vanselfsprekend is dat juis op hierdie gebiede hervorming tyd vereis, mag ons nie te veel van hulle verwag nie. Onder die omstandighede moet ons meer op die goeie bedoelings let wat agter hulle maatreëls geskuil het, as op die praktiese resultate daarvan.

Onder die Oos-Indiese Kompanjie was daar reeds 'n mate van godsdiensvryheid aan die Kaap. In sy eie huis het dit aan elkeen vrygestaan om volgens sy eie oortuiging God te aanbid. Verder was daar wel volgens wet burgerlike beperkings vir diegene wat nie lede van die Nederduits-Gereformeerde Kerk was nie; hulle mog b.v. geen staatsbetrekkings vul of in regeringskolleges dien nie, maar in die praktyk het dit somtyds gebeur dat by benoemings nie so noukeurig hierop gelet is nie. In 1780 het die Luterane en Morawiërs die reg gekry om in die openbaar hulle godsdiensoefeninge te hou. Verder spreek dit natuurlik vanself dat tydens die Engelse besetting lede van die Engelse Kerk nie op kerklike of burgerlike gebied agteruit gesit is nie. Die wetlike posiesie van mense wat nie aan die offisiële Kerk behoort het nie, was egter in baie opsigte onbevredigend, en kommissaris De Mist met sy liberale opvattings het hierin 'n groot verbetering aangebring. In 1804 het hy sy beroemde Kerkorder uitgevaardig. Daarvolgens sou alle sektes, wat 'n almagtige Opperwese aanbid en die sedelikheid bevorder, voortaan gelyke regte onder die wet besit, en sou geen burgerlike voorregte aan 'n besondere kerkgenootskap verbind wees nie. Om egter gevaarlike leringe en praktyke te voorkom en die orde te handhaaf, is die hou van openbare godsdienstige byeenkomste en die aanstelling van predikante aan die goedkeuring van die goewerneur onderwerp, en aangesien die Nederduits-Gereformeerde Kerk onder die bevolking so 'n oorheersende aanhang had, sou dit die Staatskerk bly. Die predikante van hierdie Kerk is dus nog soos voorheen deur die regering benoem en besoldig, en by die aanstelling van kerkraadslede het die ou prosedure, nl. ko-opsie onder regeringskontrole, voortgeduur. Die koloniste oor die algemeen was nie ten gunste van De Mist se godsdienstige liberalisme nie, en hulle sou seker sterk daarteen geprotesteer het om b.v. 'n Joodse of Rooms-katolieke landdros onder hulle op te neem, maar in die praktyk het so iets natuurlik ook nie voor-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gekom nie. Ook teen die moontlikheid, deur De Mist geskep, nl. dat aan 'n suiwer siviele huwelik, d.w.s. aan 'n kontrak voor 'n huwelikshof gesluit, sonder die kerklike inseëning, volle regskrag sou verleen word, was die koloniste en hulle geestelike leiers gekant, maar ook wat dit betref is in die praktyk geen werklike verandering ingevoer nie. Die egpaartjies het soos voorheen in Kaapstad, ook nou in Stellenbosch, Tulbagh, Uitenhage of Graaff-Reinet, eers voor kommissarisse gegaan en dan in die kerk getrou.

In die *Memorie* van De Mist is nadruk gelê op die noodsaaklikheid van 'n beter onderwysstelsel, en ons het reeds verneem dat Janssens 'n paar weke na sy aankoms hier 'n groot aantal goeie onderwysers uit Holland wou invoer. De Mist het aan hierdie belangrike saak dan ook sy ernstige aandag geskenk. Ons weet dat die bestaande skole almal kerkskole was. De Mist wou die onderwys meer direk onder die regering bring, en in sy Skoolorder van 1804 is o.m. bepaal: dat die sentrale onderwysraad sou bestaan uit 'n voorsitter en nog 'n lid deur die goewerneur benoem, twee persone deur die voorsitter uit die Weeshere en die lede van die Burgersenaat gekies, die twee Hollandse predikante van Kaapstad en die pastor van die Lutherse Kerk. Verder is bepaal dat die voorsitter 'n lid van die Politieke Raad sou wees. 'n Mens kan dus sê dat De Mist 'n onderwysdepartement wou inrig en aan die hoof daarvan 'n minister wou aanstel wat direk aan die goewerneur verantwoordelik was. Die landdroste en predikante van die buitedistrikte was ere-lede van die Raad van Skolarge. Die pligte van hierdie Raad was om die onderwys te bevorder en te kontroleer, meer skole te stig en voorlopig deur invoer uit Holland, maar uiteindelik deur die skepping van 'n eie normaalskool, vir 'n voldoende voorraad van goed-gekwalifiseerde onderwysers te sorg. In die kort tyd tot sy beskikking (die Raad het vir die eerste keer op 20 Februarie 1805, vergader) kon die nuwe Onderwysdepartement egter nie veel uitvoer nie, en dis problematies of De Mist se stelsel ook op die duur tot groot vooruitgang sou gelei het. Die heersende gebrek aan geld en onderwysers sou waarskynlik met die tyd verminder het, maar Suid-Afrika was nog lank nie vir onsektariese onderwys ryp nie, en 'n opvoedkundige stelsel wat nie in die eerste plek onder kerklike kontrole gestaan het nie, was nie vir uitbreiding en groei vatbaar nie. Een goeie uitwerking van De Mist se pogings was die herlewing van die Latynse skool in Kaapstad, maar werklik bloeiend het hierdie inrigting ook nie geword nie.

Tydens die Bataafse periode het daar dus geen groot ver-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

andering in die kulturele toestand van die Kaapkolonie ingetree nie. Dit geld ook van die ekonomiese sy van ons ontwikkeling; maar op hierdie gebied is die goeie en verstandige bedoelings van De Mist en Janssens miskien nog duideliker sigbaar. Die weeruitbreek van die Europese oorlog het ongelukkig die buitelandse handel gou weer tot stilstand gebring, sodat die kommissaris sy liberale politiek, wat dit betref, nie in die praktyk kon invoer nie, en sy droom dat die Kaapse koloniste in hulle eie of in Hollandse skepe 'n bloeiende verkeer met die moederland sou ontwikkel, is natuurlik nie verwesenlik nie.

Een punt in sy voorgenome handelspolitiek het hy egter dadelik ingevoer. Die invoer van slawe is belet, en as die Bataafse vlag langer oor die Kasteel gewaai het, sou die geleidelike emansipasie van die slawe ook gevolg het, want dit was die plan van die regering om slawekinders by hulle geboorte vry te verklaar. Onder die Engelse het die getal slawe sterk toegeneem, want meer as ooit tevore in 'n ewe lang tydperk is toe hierheen gebring. Onder die Bataafse regeerders daarenteen is slegs 'n baie klein aantal onder spesiale verlof ingevoer.

Ons het reeds daarop gewys dat stabiliteit in die waarde van geld op die lang duur 'n onontbeerlike ekonomiese vereiste vir 'n land is. De Mist was hiervan goed bewus, en om dié rede was hy van plan om weer die papiergeld deur klinkende munt te vervang. Dit spreek egter vanself dat hy ook hiertoe nie in staat was nie, want toe die oorlog weer oor Europa en die oseaan uitbars, kon hy sy skraal voorraad aan klinkende munt nie daarvoor aanwend nie, en die Kaapse regering was selfs nie in staat om met sy inkomste in papiergeld sy uitgawes te dek nie. Van 'n vernietiging van papierriksdalers kon dus geen sprake meer wees nie. Inteendeel, die regering moes, deur die nood gedwing, op die ou verderflike redmiddel terugval en meer riksdalers in omloop bring. Die kwart miljoen riksdalers waarvoor in 1803 oorlogsmateriaal, ens., van die Engelse gekoop was, is nie vernietig nie, en in Maart 1804 is 75,000 nuwe riksdalers gedruk. Dit was vir 'n lening aan Stellenbosch, omdat 'n groot gedeelte van die dorp kort tevore deur 'n ontsettende brand verniel was. In dieselfde jaar is weer 25,000 gedruk as kapitaal vir die Kommissie van Veeteelt, 'n regeringsinstelling waarby ons weldra sal stilstaan. 'n Verdere 50,000 is vir die bou van drosdye in Tulbagh en Uitenhage aangewend, maar 150,000, ook vir geboue bedoel, het in die oorlogskas van die regering te lande gekom. Die depresiasie, waaraan De Mist 'n end wou maak, het dus voortgeduur, en die regering het dit erken deur 'n offisiële waarde van twee Hollandse guldens (d.w.s. 40 stui-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wers = 3/4) aan die Kaapse riksdaler te heg. Selfs hierdie berekening was waarskynlik nog te hoog, maar aangesien daar uiteindelik feitlik geen wisselkoers meer oorgebly het nie, kan ons moeilik vandag sê, hoe ver die depresiasie gegaan het. In 1805 was daar omtrent 2,086,000 papierriksdalers aan die Kaap. meer as die helfte, 1,241,000, was heeltemal afhanklik van die krediet van die regering, en selfs die res, 845,000, wat die kapi-Die hele bedrag was sonder behoorlike dekking. Die waarde van taal van die Leningsbank uitgemaak het, is slegs deur die verbande waarop dit uitgeleen is, gewaarborg.

Dis merkwaardig dat daar onder sulke ongustige ekonomiese omstandighede tog so 'n groot mate van tevredenheid aan die Kaap geheers het. Ons moet egter onthou dat onder 'n bevolking soos die van die Kaapkolonie aan die begin van die neëntiende eeu, wie se welvaart vir 'n groot deel nie van geld en handel afhanklik was nie, depressie en selfs belemmering van die oorsese handel nie dadelik sterk gevoel sou word nie, en dat die Kaapse garnisoen, tussen 1,000 en 2,000 man, onder generaal Janssens nog altyd die plaaslike mark vir die produkte van die boere op 'n manier aan die lewe gehou het. Buitendien moet ons daaraan dink dat die algemene politiek van die regering en die reise van Janssens en De Mist die mense oortuig het dat hulle regeerders dit goed met hulle meen. Ook wat die landbou politiek betref, was dit baie duidelik dat verstandige geesdrif nou plek gemaak het vir onsimpatieke belangloosheid of minagtende voorligtery in die hoogste raadskamer van die land. Die aanstelling van die sogenaamde Kommissie van Veeteelt is tekenend hiervan.

In Mei 1804 het De Mist 'n aantal vooraanstaande koloniste onder voorsitterskap van 'n Angloman, W. S. van Ryneveld, in 'n vereniging georganiseer om die landbou en veral die invoer van wolskape te bevorder. Die lede van hierdie „kommissie'' het geen salarisse gekry nie, maar die regering het natuurlik die koste in verband met hulle offisiële werksaamhede gedra. 'n Aantal regeringsplase is tot hulle beskikking gestel, asook 'n aansienlike kapitaal in papierriksdalers. Nieteenstaande die oorlog het dit die Kommissie geluk om die merino-stapel aan die Kaap deur die invoer van 'n aantal goeie Spaanse ramme te versterk, en in September 1805 het drie van die lede, nl. die voorsitter met 'n ander Angloman, P. J. Truter, en L. Huizer, die westelike helfte van die Kolonie deurreis om wolskape aan die boere te toon en die voordele van wolproduksie te verduidelik. Hulle rapport is 'n baie interessante dokument. Van Tulbagh het hulle deur die wyke Brederivier en Waaihoek na



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Rodedraai, die plaas van Pieter du Toit, die teenswoordige Worcester, gery. Vandaar het die reis deur die dal van die Heksrivier gegaan. By die mond van die kloof, waar die genoemde rivier die vlakte bereik, het hulle op die mooi plaas van Jakobus du Toit 'n tydjie vertoef. Orals is hulle met die grootste vriendelikheid ontvang, en oom Koos het van sy volk gestuur om die wa van die Kommissie wat in die drif omgeslaan het, na sy huis te bring. Hy wou natuurlik geen betaling ontvang nie, maar hy het toegestem om 'n honderd van sy ooie vir 'n Spaanse ram af te sonder. Onder die Heksrivierberge het die Kommissie 'n baie mooi plaas aangetref. Dit het aan 'n weduwee De Vos behoort, en alles wat vandag De Doorns heet, was daarin opgeneem. Op die ander vier plase van die Heksrivierdal, die van Christiaan de Wit (Wet?), Bart van der Vyver, Roelof van der Merwe en Jakobus Jordaan, is naas graan en groente ook vrugte en tabak gekweek en 'n bietjie wyn gepars, maar die Kaapse mark was te ver om hierdie soort van boerdery werklik betalend te maak, en die boere was ook nog afhanklik vir hulle bestaan van hulle veeposte anderkant die Heksrivierberg. Vir melk en trekdoeleindes het hulle slegs 'n aantal koeie op die rivierplase gehou. Die weduwee De Vos kon egter reeds meer uit haar landbouprodukte maak. Van haar plaas sê die Kommissie: „Het is zeer vruchtbaar (en) heeft fraaije Limoen Boomen en groenten van allerhande zoort. Geen product van de plaats, uitgenomen peulvrugten, wordt Kaapwaarts gebragt, maar juist de eerste plaats zijnde welke bewoonderen van het Camdebo, den Sneeuwberg, het Nieuwe Veld en Kleine Roggeveld aantreffen, wanneer zij uit de Carro komen, worden dus ook de producten alle hier aan de gaande en komende man met voordeel verkogt.''

Aan de bewoners van die Heksrivier is ook Spaanse ramme verkoop of verhuur, maar werklik belangrik het hierdie hoofopdrag van die drie gekommiteerdes eers geword, toe hulle oor die Draai, die plaas van Jakobus Beck, „waar de wegen naar Graaff-Reinet, het Nieuwe Veld, de Carro en de Roggevelden zig uiteen scheiden,'' en Verkeerde Vlei, die vrugbare woonplek van Schalk Willem Pienaar, in die Koue Bokveld onder die egte skaapboere aangeland het. Veldkornet Barend Pienaar was hier hulle leidsman, en by sy huis was ook reeds die waardige ou vader Petrus van der Merwe, om hulle na sy wyk, nl. die Warm Bokveld, uit te nooi. In hierdie dele is agtien ramme verkoop, en nog meer lede van die groot Van der Merwe-familie het kom kennis maak. Anderkant Karopoort by Doringrivier, het veldkornet Gerrit Maritz vir Barend Pienaar,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wat hier afskeid geneem het, afgelos, en die nuwe leidsman het ook reeds daarvoor gesorg dat 110 egte en baster-merino's wat op 'n veepos van die kommissielid Huizer geloop het, hier tot die beskikking van die Kommissie was. In die Karo is slegs veeposte aangetref, want dit was die winterveld van die mense van die Koue Bokveld en die Rôeveld. By die Rôeveldberg het die Kommissie vir die eerste keer minder vriendelike behandeling ondervind. Volgens regeringsbevel moes die boere van plek tot plek vir waens en trekvee sorg, en die veldkornette het alles mooi gereël, maar Gerrit Visscher se wa het nie opgedaag nie, en Jasper Cloete, 'n vooraanstaande en vermoënde bewoner van die Rôeveld was ook nie geneig om die werk van die Kommissie maklik te maak nie. Hy het met minagting van die wolskape gepraat. „Hulle het geen vet nie, en ons kan tog nie die wol na Kaapstad vervoer nie,'' het hy gesê; maar Van Ryneveld en sy vriende het hom eindelik oortuig dat dit die moeite werd was om die eksperiment te maak. Ander boere van die Rôeveld het dieselfde besware soos Jasper Cloete geopper en Ockert Coetzee, 'n jong kêrel met vyf leningsplase en 5,000 kleinvee, het brutaalweg verklaar dat hy die wolskape nie present wou hê nie. Een rede vir die teenkanting van sommige Rôevelders moet miskien gesoek word in die feit dat veldkornet Gerrit Maritz baie onpopulêr in sy wyk was. Hy was 'n swak boer, en dat hy, wat self niks besit het nie, sou saamkom om hulle te leer, het hulle waarskynlik nie aangestaan nie. Die meerderheid was egter vir oortuiging vatbaar, en die weifelaars, wat ook baie oor die moeilikhede, wat die skaapskeerdery dan sou oplewer, gekla het, moes beskaamd neerkyk, toe 'n flukse Afrikaanse nooi, Christina van Wyk, na 'n skeerdemonstrasie, om 'n skaapskêr gevra het, „en wel ras, na een weinig onderwijs, met veel behendigheid begon te scheeren.'' Die omstaanders sou natuurlik geen Afrikaners gewees het as hulle by so 'n wonderlike nuwigheid, die skeer van 'n skaap, nie gelag en gespot het nie, en toe die dier eindelik, ontbloot van sy vrag, weer op sy pote staan, was die pret groot. „Dit lyk na 'n muishond,'' sê die een. „Nee, 'n bobbejaan,'' antwoord 'n ander.

Interessant was die ontmoeting met Jan Nel, 'n waardige ou vader van 70 jaar. Ons laat die Kommissie, wat hom spesiaal op sy plaas gaan opsoek het, aan die woord: „De oude man kon niet worden vrijgesproken van vooroordeel. Hij meende dat men in dit land zonder de zware staarten der schapen niet doen konde; vooral scheen hij een zaak te hebben opgevat voor, zooals hij het noemde, onze oude Afrikaansche landschappen, waarmede onze voorouders het tog wel hadden



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kunnen stellen. Men observeerde hem dat deze schapen afkomstig waren van de Hottentotten, die zig het geheele lichaam dagelijks met vet smeeren, en ondertusschen wij Nederlandsche afkomelingen behoorden op te zien tot het voortkweeken van al zulke vee als waarop onze voorouders prijs hebben gesteld,.... bestaande, omtrent de schapen, in de zoodanige die wol geeven, en dus den stof tot kleeding voor beschaafde menschen, maar geene zwaare staarten om er, gelijk de Hottentotten, zig meede te besmeeren. Deze aanmerkingen scheenen inderdaad invloed te maken op de oude lieden. Zij waren niet afkomstig van Heidenen of Hottentotten maar van Christen Europeanen." Oom Jan het dan ook met wolskape begin boer, terwyl sy vrou en dogters dadelik gereed was om wolkouse van die skeersel te maak, 'n plan wat hulle reeds tevore met die gekrulde hare van 'n paar bastermerino's op 'n growwe manier uitgevoer het.

Tot in die Hantam het die reis gegaan, en by die Hantamberg het die mooi plaas van Jan van Reenen, *De Grote Toren,* die aandag getrek. Hy was 'n groot perdeboer en het o.a. 'n Arabiese hings besit waarvoor hy 3,000 riksdalers betaal het. Sy saailande het gemiddeld veertig- tot vyftigvoud opgebring; sy tuine het meer as genoeg groente vir sy groot huishouding gelewer, en daarnaas was daar nog 'n wingerd met 6,000 stokke en 'n boord met meer as 600 vrugtebome. Buitendien het Jan van Reenen ook baie kleinvee gehad, maar vir hom kon die Kommissie niks leer nie, hy was 'n pionier van die wolboerdery en het oor 'n vyftienhonderd wolskape besit.

Van die Hantam het die Kommissie, met 'n swaai na die weste toe, om die Onderbokveld in te sluit, op die spoor van Simon van der Stel oor die Olifantsrivier en langs die Sederberge verby, deur die Swartland na Kaapstad teruggekeer, waar hulle op 9 November, na 'n reis van ses weke aangekom het. Hulle kon tevrede wees, want ofskoon die wolboerdery selfs na hulle bemoeiïngs nog maar baie langsaam gevorder het, was daar nou werklik 'n stoot daaraan gegee soos nog nooit tevore nie. Sy groot ontwikkeling kon egter eers deur verkeersweë moontlik gemaak word. Die binnelandse veeboer moes erken dat die Kaapse regering hom in sy beroep kon voorlig; maar dan moes dit natuurlik 'n regering wees wat sy moeilikhede kon begryp, en één wat mense na hom toe stuur met wie hy kon praat en van wie hy op 'n praktiese manier dinge kon leer. Uit die hoogte laat die Afrikaanse boer hom nie lei nie. Dit het Macartney en Yonge en ander Engelse goewerneurs ná hulle nie begryp nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

De Mist het ook 'n ander ou onopgeloste probleem, nl. die verbetering van die Kaapse wyn, aangepak. 'n Europese deskundige uit die Ryngebied is hierheen ontbied, maar miskien omdat die tyd tot sy beskikking so kort was of om ander redes het hy niks uitgevoer nie. Pogings om die ryskultuur en die aanplant van olyfbome hier aan te moedig, albei planne waarmee Jan van Riebeek hom reeds besig gehou het, het ook niks opgelewer nie. Direk voordelig vir die bewoners van die Kaapkolonie was daarenteen 'n ander maatreël van die regering. Om die gevaar van pokkies, wat onder die kleurlinge langs die noordgrens in 'n ligte vorm aanwesig was, te bestry, is die inenting met vaksiene, wat sedert die end van die agtiende eeu, as gevolg van die proefnemings van Edward Jenner en ander, algemeen in gebruik gekom het, aangewend. Dr. Lichtenstein het die nuwe middel onder die mense van die binneland bekend gemaak. Baie was natuurlik daarteen gekant, maar die dokter, wat so goed met die boere oorweg kon kom, dat hy selfs die huisgodsdiens op die plase waargeneem het, was meestal in staat om hulle vooroordeel weg te redeneer.

Ons sal weldra van Lichtenstein moet afskeid neem, en alhoewel dit eintlik buite die bestek van hierdie afdeling val, wil ons hier gebruik maak van die geleentheid wat sy verskyning ons aanbied om hom op sy laaste lang reis te vergesel. In 'n sekere sin hang dié reis tog saam met die onderwerp onder behandeling, want dit is o.a. onderneem om die toestande in ons noordelike binneland, ook wat kulturele en ekonomiese aangeleenthede betref, te ondersoek. Die hoofaanleiding daartoe was trouens die vrees, deur herhaalde berigte gevoed, dat die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap besig was om op die noordgrens en anderkant die Oranjerivier 'n gees voort te plant, wat vir die Kolonie nadelig kon word. In die eerste helfte van die jaar 1805 het landdros Van de Graaff en Lichtenstein dan in opdrag van die regering deur Karopoort na die noorde gereis. Die sendingstasie op die Sakrivier het geen gunstige indruk op die besoekers gemaak nie. In die afwesigheid van Kicherer, wat in Europa was, het 'n sekere Christiaan Botma hier onder 'n armsalige klompie Boesmans en Basters godsdienstige werk gedaan, maar net so min soos in Bethelsdorp is hier aan handearbeid as opvoedende faktor enige waarde geheg. By die teenwoordige Prieska het die geselskap oor die Oranjerivier gegaan, en aan die werk van die sendelinge onder die Korannas en ander Basters kon hulle oor die algemeen hulle goedkeuring heg. Veral Anderson, op Leeukuil, het deur sy toewyding en voorbeeldige lewenswandel hulle bewondering gewek.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Van Ongeluksfontein, die mees noordelike van die ses dorpies van die Basters, het die reisigers na die Batlapinkaffers langs die Koeroemanrivier gegaan. Onder hulle was geen sendelinge meer werksaam nie, maar Jan Kock, wat vroeër die werk van Edwards hier voortgesit het en die reisgeselskap hierheen begelei het, was van plan om hom weer hier te vestig. Omtrent die Barolongs en ander Beetsjoeanastamme is weinig inligting versamel, maar dit was duidelik dat die sendelinge nog maar baie min onder die Kaffers in hierdie dele uitgerig het. By Koeroeman het Van de Graaff en Lichtenstein omgedraai, en na 'n afwesigheid van drie maande was die eersgenoemde weer terug in sy drosdy op Tulbagh.

## § 5. Die Twede Verowering van die Kaap.

Soos ons weet het die groot Europese oorlog reeds in Mei 1803 weer uitgebreek. Onder die skaduwee van 'n byna onvermydelike uiteindelike Engelse aanval op die Kaap moes De Mist en Janssens dus hulle veelsydige bedrywighede in belang van die koloniste onderneem en voortsit, en die plig was hulle tewens opgelê om skikkings vir die verdediging van die Kaap te tref. In welke gees hulle ook hierdie taak aangepak het, kan uit 'n skrywe van Janssens afgelei word, waarin die volgende passasie voorkom: „Het is een geringe verdienste aan het Moederland gehecht te zijn, met stoutheid derzelver bezittingen te verdedigen, als men ieder oogenblik van hetzelve onderstand ontvangt, hulp, bevelen en raadgevingen bekomt; *maar* van het Moederland afgesneden te zijn, geene andere ressources te hebben als die men zelfs daarsteld, tegens duizend moeilikheden te moeten worstelen, en niet te kunnen noch te mogen berekenen of men eens zal toegejuicht dan wel veroordeeld worden, *dan* is het schoon, *dan* is het mannen van eer waardig derzelver verknochtheid aan den staat te doen geblijken door dezelfs bezittingen te bewaren.... *Groote moeilijke omstandigheden moeten de ziel niet beknellen maar haar nieuw effort doen nemen, en men moet zig dan niet slechts op de hoogte, maar boven de omstandigheden stellen.*"

Generaal Janssens het sy militêre mag so effektief moontlik gemaak. Die Hottentotregiment, wat uit 600 Pandoers bestaan het, is deeglik geoefen, en tot offisiere is koloniste benoem wat slag had om met kleurlinge te werk. Ook die mieliesie-oefenings van die burgers het die besondere aandag van die opperbevelvoerder geniet, en hulle sou weer, nes by Muizenberg, die bewys lewer dat die Hollandse wapeneer, in hulle hande in elk geval,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

veilig was. Ongelukkig kan dit nie van al die sowat 1,500 blank soldeniers, waaroor Janssens verder beskik het, beweer word nie. Die artilleriste was vaste kêrels, en in sommige ander afdelings het ook 'n goeie gees geheers, maar veral dié bataljons wat uit 'n mengelmoes van Europese rekrute bestaan het, was heeltemal onvertroubaar.

Die lank-gevreesde aanval het onverwags gekom. Terwyl Napoleon nog by Boulogne met sy groot leër verbitterd in die rigting van die ongenaakbare Engeland staar, stuur die Engelse regering (so groot was hulle vertroue op Nelson en sy maats!) 'n vloot van 61 skepe onder sir Hope Popham, met 'n leër van by die 7,000 man onder generaal Baird, om die Kaap te verower. Groot gebeurtenisse in Europa het die aandag van almal gespanne gehou, want terwyl die vloot op reis was, het Napoleon blitssnel vir Mack by Ulm oorrompel en Wene ingetrek, en op 21 Oktober 1805 het Nelson die Spaans-Franse seemag by Trafalgar vernietig. Onopgelet kon sir Hope Popham dus sy koers hou. Eers 'n paar dae voor Oujaarsdag was dit aan die Kaap bekend dat die Engelse aan die kom was, en reeds op 4 Januarie 1806 het die seine op Leeuberg die verskyning van die vyandelike vloot aangekondig. Die nuus is onmiddellik in die binneland deur kanonskootseine versprei, en nog dieselfde aand was dit op Swellendam bekend. Dit was egter 'n baie slegte tyd vir die burgers om hulle plase te verlaat. Die graanboere was aan die dors; die druiwe het begin ryp word; en die weer was so verskriklik warm, dat dit 'n moordery van mens en dier was om bedags op reis te wees. Toe generaal Baird dus teen die aand van 7 Januarie sy hoofmag op Bloubergstrand aan land had, was daar nog maar 'n paar honderd burgers in Kaapstad opgedaag, en aangesien generaal Janssens Kaapstad en die Skiereiland nie heeltemal onverdedig kon laat nie, moes hy met slegs 2,000 man teen die Engelse, wat meer as tweemaal so sterk was, optrek. Naby Rietvlei op Bloubergstrand het die twee leërs toe in die oggendure van 8 Januarie slaags geraak. Die geveg was gou oor. Die vreemde huurlinge van Janssens het dadelik begin retireer, toe die eerste Engelse kanonkoeëls onder hulle val; en vóór die aanstormende Skotse Hooglanders met gevelde bajonette het hulle eenvoudig op die vlug gegaan. Die twee-honderd-en-vyftig burgers wat aan die geveg deelgeneem het en die Pandoers was onder diegene wat goed hulle man gestaan het, maar na die vlug van die meerderheid van die huurtroepe moes ook hulle met die res van die leër terugval.

Janssens het met die oorblyfsels van sy mag na Hottentots-Holland getrek, maar, met die pad na Kaapstad oop vóór hulle,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

het die Engelse hom nie daarheen agtervolg nie. Op 10 Januarie 1806 is toe die voorwaardes, waaronder die hoofstad aan die Engelse oorgelewer sou word, deur generaal Baird en luitenant-kolonel von Prophalow, die bevelvoerder van die stedelike verdedigingsmag, in Papendorp (Woodstock) onderteken. Die inhoud daarvan was o.a. as volg: Privaat besit sou onaangetas bly, maar die eiendom van die Bataafse regering moes aan die Engelse oorgelewer word; die burgers sou al hulle regte en voorregte behou; die papiergeld sou soos voorheen in omloop bly, tot tyd en wyl die Engelse regering anders mog beskik (the Paper Money actually in circulation shall continue current as heretofore, until the pleasure of His Britannic Majesty is known); die eiendom van die Bataafse Republiek sou dien as waarborg vir dié deel van die papiergeld, wat nie deur verbande gedek was nie; soldate sou nie by inwoners van Kaapstad ingekwartier word nie.

Terwyl hierdie onderhandelinge aan die gang was, en Baird sy intrek in die Kasteel neem, het Janssens nog daaraan gedink om die verset in die binneland voort te sit. Baird het egter vinnig opgetree. Twee Engelse regimente is na Stellenbosch en Rodesandskloof gestuur, en 'n derde was klaar om oor see na Mosselbaai te gaan en van daaruit Janssens se verder terugtog te verhinder. Die Bataafse bevelvoerder het toe ingesien dat dit vergeefse moeite sou wees om nog weerstand te bied en ofskoon die burgers hom nie wou verlaat nie, het hy hulle huistoe gestuur en op 18 Januarie met sy troepe gekapituleer. Hy het dit onder baie gunstige en eervolle voorwaardes gedaan. Die Bataafse offisiere en soldate sou op Engelse koste onder parole na Holland vervoer word. Verder is bepaal dat die kapitulasie-voorwaardes van Papendorp vir die hele bevolking sou geld. Baird het egter die reg behou om in die buitedistrikte, as dit mog nodig blyk, van sy soldate by partikuliere in te kwartier. Een van die Engelse transportskepe is tot Janssens se beskikking gestel, en op 6 Maart het hy met 'n aantal beamptes en offisiere ons kus verlaat. Ook Lichtenstein was by hom, en die Duitse geleerde het met hom saamgeneem 'n aantal staatsdokumente, wat hy by die opstel van sy boek gebruik het, en wat vandag nog in Berlyn goed versorg word.

Bekend is die brief waarin die laaste Nederlandse goewerneur van die Kaap vóór sy vertrek die belange van die koloniste aan Baird opgedra het: „Vergun my om die inwoners van die Kolonie in u sorg aan te beveel. Aan hulle geluk en welvaart het ek sedert my aankoms hier my hoofaandag bestee, en hulle gedrag was in die hoogste mate bevredigend. Skenk, wat dit



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

betref, geen geloof aan mnr. Barrow en hulle vyande nie. Die koloniste is nie sonder gebreke nie, maar hulle goeie hoedanighede weeg meer as daarteen op. Deur sagtheid en blyke van vriendelikheid en liefde kan hulle tot veel goeds gelei word."

'n Merkwaardige dokument hierdie! Die gees wat daaruit straal is tekenend van die Bataafse bewind aan die Kaap. Met veel vooroordeel teen die koloniste, maar met hoë ideale en 'n vaste voorneme om „de ingezetenen ter bevordering van hun eigen welvaart" te bestuur, het De Mist en Janssens hierheen gekom, en omdat hulle met alle mag daarna gestreef het om hierdie voorneme uit te voer en daarby verstandig en simpatiek te werk gegaan het, het onderlinge wantroue verdwyn en het die groot meerderheid van die Afrikaanse volk met weemoed die vlag van Nederland sien verdwyn.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## HOOFSTUK V.

# DIE VOORGANGERS VAN LORD CHARLES SOMERSET (1806 — 1814).

### § 1. Regeerders en Regering.

In die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing is dit gebruiklik om tussen die regeringstyd van lord Charles Somerset en dié van sy voorgangers na 1806 'n duidelike skeiding te maak. Ons volg ook hierdie indeling om redes wat later uiteengesit sal word, maar ons wil nou reeds die leser waarsku dat die jaar 1814 geen werklike omkeer in ons geskiedenis ingelei het nie. Reeds in die voorafgaande ag jaar, waarby ons nou gaan stilstaan, sal die hoofrigtings wat die Engelse politiek aan die Kaap ook vir 'n geruime tyd na 1814 ingeslaan het, sigbaar word. Om dié politiek te begryp, moet ons tot uitgangspunt neem die feit dat blywende besitname die doel van die twede verowering van die Kaap was. Veral met die oog op Indië was die suidpunt van Afrika vir Engeland so belangrik, dat van 'n ewentuele teruggawe geen sprake kon wees nie. Die Prins van Oranje, wat nog altyd in Engeland vertoef het, mog dit miskien gehoop het; maar reeds vóór die aankoms van Popham se vloot in Tafelbaai het die Britse gesant in Berlyn van sy regering verneem dat Engeland moontlik ander verowerings weer sou prysgee, maar dat oor die teruggawe van die Kaap selfs geen onderhandelinge mog aangeknoop word nie. Ons sal ons herinner dat Napoleon juis destyds, na sy mislukte poging om Engeland aan te val, weer 'n triomftog in Duitsland en Oostenryk begin het.

Eers na die koms van lord Charles Somerset in 1814, toe Napoleon vir die eerste keer totaal verslaan was, het die Engelse regering die koloniste duidelik laat sien dat die Kaap nou 'n Engelse kolonie was. Drie middels is daarby aangewend: die mag van die Kaapse regering, ten opsigte van die ondergeskikte bestuurlike liggame, is versterk; landverhuisers is uit Groot-Brittanje gestuur om 'n belangrike en blywende Engelse element onder die vaste bevolking in te voer; en doelbewuste pogings om



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die Hollandssprekende Afrikaners te verengels is aangewend. Hierdie drie rigtings, *Sentralisasie, Emigrasie* en *Anglisasie,* was veral kenmerkend van die Engelse politiek teenoor die Kaap na 1814 tot omtrent 1828/30, maar as ons goed oplet, sal ons sien dat hulle ook reeds in die periode 1806 tot 1814 aanwesig was. Hoofsaak was egter in hierdie tyd veral die handhawing van orde en tevredenheid, en die Kaapse regering, wat oor die algemeen nie alleen sterk nie, maar ook simpatiek was, het op slot van sake daarin geslaag om die vertroue van die koloniste te wen en teen die jaar 1814 rus en voorspoed aan hulle te besorg.

Generaal Baird, die militêre bevelvoerder, het tot in Januarie 1807 as goewerneur van die Kaap ageer. Wat die regeringstelsel betref, is nagenoeg tot die toestand van die eerste Engelse tydperk teruggekeer. Enkele verbeterings van De Mist en Janssens is wel bestendig; die Kerkorder van 1804 het b.v. wet gebly, en die verbeterde organisasie van die distriksbesture is ook gehandhaaf; maar die Politieke Raad verdwyn weer, die Hoë Geregshof is weer onder die goewerneur gestel, die Gemeenteraad van Kaapstad het sy vroeëre naam, Burgersenaat, teruggekry, en die siviele huwelik is afgeskaf. Baie beamptes, wat onder die Bataafse regering gedien het, het die eed van getrouheid aan die Engelse koning afgelê en hulle betrekkings behou. So het b.v. Strubberg en Hiddingh regters gebly. In die plek van diegene wat bedank het, is Anglomanne of Engelse aangestel. Willem Stephanus van Ryneveld, wat ons op die Kommissie van Veeteelt teengekom het, het Fiskal geword, en sy reisgenoot, Pieter Jan Truter, lid van die Hoë Geregshof. Kaptein Alberti is as landdros van Uitenhage deur kaptein Jacob Glen Cuyler, 'n Engelse offisier van Amerikaanse afkoms, vervang. Sy pos was baie belangrik, want hy was ook die militêre bevelvoerder op die grens.

In die instruksies waaronder graaf Caledon in Mei 1807 sy amp as goewerneur hier aanvaar het, vind ons 'n uiteensetting van sy magte, en daaruit is duidelik sigbaar dat die outokratiese regeringstelsel van Macartney nou weer in swang was aan die Kaap: die hele regeringsmag was nl. in die hand van die goewerneur gekonsentreer. Die goewerneur moes wel die instruksies van die Engelse minister van kolonies uitvoer en was vir al sy doen en late aan hom verantwoordelik, maar in Suid-Afrika selfs was sy mag onbeperk. Sy woord was wet; en in 1808 is selfs die regspraak aan hom onderwerp. Caledon, met 'n paar assessore deur homself benoem, sou die hoogste appelhof aan die Kaap wees. Slegs 'n klein aantal hoog-gesalarieërde



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

beamptes, wat as hoofde van regeringsdepartemente moes optree, is deur die Engelse regering aangestel, maar hulle het nie, soos in die Nederlandse tyd, 'n raad gevorm nie, en ook hulle was gehoorsaamheid aan die goewerneur verskuldig. Die belangrikste onder hulle was die regeringsekretaris of koloniale sekretaris, soos hy genoem is. Deur sy kantoor is die hele kolonie feitlik bestuur, en as hy sterk en bekwaam was, kon hy dus veel invloed in die regering uitoefen. Die volgende salarisskaal sal verder aantoon dat die koloniale sekretaris onder die hoofde van departemente die hoogste pos beklee het: die goewerneur £10,000 per jaar; die luit.-goewerneur £3,000; die koloniale sekretaris £3,500; die assistent koloniale sekretaris £1,500; die ouditeur-generaal £1,050; die koloniale betaalmeester £1,000; die ontvanger van doeane-regte £1,000; die kontroleur van doeane-regte £1,000. Al hierdie betrekkings is direk deur die Engelse minister van kolonies gevul, en die salarisse daaraan verbind is in Engeland in pond sterling vasgestel. Die salarisskaal van die regters en fiskaal, landdroste, predikante, ens., wie se benoeming by die goewerneur berus het, is daarenteen op die riksdalerbasis opgestel, en was oor die algemeen veel kariger.

Om die bestuur van die buitedistrikte meer direk onder sy kontrole te bring, het Caledon o.a. twee middels aangewend wat De Mist ook reeds as noodsaaklik beskou het. Na 'n ondersoek van die terrein deur luitenant-kolonel Collins, 'n man van wie ons nog meer sal hoor, het hy in 1808 dié deel van die distrik Stellenbosch wat noord van die Bergrivier gelê het, onder 'n assistent-landdros gestel. Die leningsplaas van S. Van Reenen, Jan Dissels-Vlei, vandag Clanwilliam, is teen 'n vergoeding van 6,000 riksdalers onteien, en Daniel Johannes van Ryneveld het hier as assistent-landdros sy intrek geneem. Geen heemrade is voorlopig aangestel nie, want Van Ryneveld was onder die landdros van Tulbagh. Ook na die ooste toe is die distrik Stellenbosch ingekrimp. In 1811 is die deel daarvan oos en suid van die Hottentots-Hollandberge by Swellendam gevoeg, maar weer as 'n onderdrosdyskap, want 'n assistent-landdros sonder heemrade, wat aan die landdros van Swellendam ondergeskik was, het by die Swartbergbad, vandag Caledon, sy kantoor geopen. Gelyktydig met hierdie skynbare uitbreiding van Swellendam na die weste toe is dit in die teenoorgestelde rigting verklein, want die deel daarvan oos van die Gouritsrivier is afgesny en tot 'n aparte distrik geproklameer. Ter ere van Georg III is die naam Georg daaraan gegee, en op 'n ou regeringspos in Outenikwaland is nog dieselfde jaar, 1811, 'n drosdy ingerig en erwe verkoop. Adriaan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Gysbert van Kervel was die eerste landdros.

Die vermeerdering van administratiewe sentra in die binneland het gevloei nie alleen uit die neiging van die goewerneur om 'n beter vat op die koloniste te kry nie, maar ook uit 'n begeerte om in hulle eie belang die administrasie meer doeltreffend te maak. Die Kaapse regering het sy pligte ernstig opgevat, en 'n terugkeer tot die ou verwaarlosingspolitiek van die Oosindiese Kompanjie sou nie weer plaasvind nie. Dit blyk ook uit 'n proklamasie wat Caledon op 16 Mei 1811, kort vóór sy vertrek, uitgevaardig het. Daarvolgens sou 'n kommissie van die Hoë Geregshof, bestaande uit twee of drie regters, van tyd tot tyd die land deurreis. Hulle moes hofsittings in die verskillende drosdye hou, nagaan of die landdroste hulle pligte behoorlik nakom en in die algemeen oor die toestande in die distrikte rapporteer. Dit spreek van self dat ook hierdie instelling vir die koloniste 'n groot gerief was. Dit was 'n nuwe en belangrike kanaal waardeur hulle belange onder die aandag van die Kaapse regering kon gebring word, en dit was nie meer nodig vir hulle om altyd vir belangrike hofsake na Kaapstad te gaan nie. Die eerste rondgaande hof het in Oktober 1811 op reis gegaan. Dit het bestaan uit die voorsitter van die Hoë Geregshof, ons ou bekende, Willem Stephanus Van Ryneveld wat in 1809 tot dié betrekking benoem is, en twee ander regters, Pieter Diemel en Francis Willem Fagel. Caledon was toe reeds terug na Engeland, want hy het in Julie 1811 sy betrekking neergelê en die Kaap verlaat. Die rapport van die eerste rondgaande hof is dus aan sy opvolger, sir John Cradock, voorgelê, en dit het dadelik geblyk dat die nuwe instelling 'n groot stap in die rigting van goeie regering was, en dat die koloniste dit hartlik toegejuig het.

Graaf Caledon was 'n man van neën-en-twintig, toe hy goewerneur van die Kaap geword het, en sy jeugdige leeftyd was miskien een van die redes waarom hy, soos ons nog sal sien, somtyds onverstandig en dan weer te versigtig was; maar hy was konsensieus en goedgeaard en het veel goeds tot stand gebring.

Sy opvolger, sir John Cradock, wat in September 1811 die regering uit die hand van die luitenant-goewerneur en militêre bevelvoerder, generaal Grey, oorgeneem het, was byna vyftig jaar oud en 'n man met 'n baie helder verstand, 'n groot deurdrywingsvermoë en 'n onverskrokke en edel gemoed. Caledon het met Grey oorhoop geraak omtrent die vraag, wie van hulle twee die hoogste bevel oor die Britse troepe aan die Kaap moes



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

voer, en om so iets in die toekoms onmoontlik te maak, het die Engelse regering in die vervolg vir 'n lang tyd militêre manne van hoë rang en aansien as goewerneurs hierheen gestuur. Cradock was 'n generaal wat tot 1809 die opperbevel in Portugal gevoer het en daarna goewerneur van Gibraltar was. Generaal Grey kon hom dus ook op militêre gebied as sy meerdere erken. Op suiwer konstitusionele of administratiewe gebied het Cradock weinig verandering ingevoer. Hy was 'n man van die daad, en die regeringstelsel, soos hy dit hier aangetref het, het hom goed in staat gestel om 'n aktiewe en deurtastende politiek te voer. Ongelukkig vir Suid-Afrika was sy regeringstyd baie kort. In April 1814 het lord Charles Somerset hom opgevolg.

## § 2. Wet en Orde.

*Deur wet en orde tot voorspoed* was die leuse van De Mist. Ook die eerste Engelse goewerneurs het dié leuse gevolg, en dit het gou geblyk dat die gevestigde boerebevolking van die Kolonie aan die kant van wet en orde was. Hulle was mense wat vir hulle daaglikse brood moes werk, en die grootste weldaad wat 'n regering hulle kon bewys was om toestande te skep waarin hulle hul bedryf ongehinderd kon voortsit. Die rusverstoorders was dan ook oor die algemeen, nie die boere nie, maar die naturelle binne die Kolonie en oorkant die grense en in 'n mindere mate ook die slawe.

In 1807 het die Engelse parlement, as gevolg van propagandawerk deur filantrope soos Wilberforce, 'n wet gemaak wat die handel in Afrikaanse slawe op alle Britse skepe en in alle Britse kolonies verbied het. Dit het nie beteken dat slawe nie meer in die Kaapkolonie kon verkoop word nie, maar hulle mog nie meer daarheen van buite ingebring word nie. Na 1806 is die aantal slawe in Suid-Afrika dus, nes in die Bataafse tyd, nie aansienlik deur invoer vermeerder nie. In die ou gevestigde dele van die Kolonie het hulle egter nog altyd die koloniste in getalsterkte oortref, en 'n slawe-opstand kon 'n groot gevaar word. So 'n opstand het in 1808 uitgebreek. 'n Kaapstadse slaaf, Louis, wat uit Mouritius afkomstig was en vir 'n wit man kon deurgaan, daartoe aangehits deur 'n Ierse dagloner, Hooper, het met twee ander helpers, Abraham, 'n swart slaaf, en Kelly, 'n Ierse matroos, 'n groot plan op tou gesit om al die slawe met geweld vry te maak. Met 'n agperdewa het hulle die Swartland ingery en aan die slawe gesê dat hulle op bevel van die fiskaal na Kaapstad moes kom om vrygemaak te word. 'n Groot aantal

E



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

slawe het aan die oproep gehoor gegee en vir Louis en sy maats gehelp om die base op 34 plase vas te maak en al die gewere en ammuniesie wat hulle kon kry, saam te neem, maar geen bloed is gespil nie. Met sowat 330 volgelinge het Louis nou weer die weg Kaapstad-toe ingeslaan om ook die slawe daar onder sy leierskap te verenig, maar graaf Caledon, wat 7,000 soldate tot sy beskikking had, het sonder moeite of weerstand die hele slawe-kommando laat opvang. Dit het toe geblyk dat die groot meerderheid werklik geglo het dat die fiskaal hulle laat roep het, en slegs 'n vyftigtal is onder arres gehou en voor die Hoë Geregshof gebring. Hooper, Louis, Abraham en nog twee slawe is met die dood gestraf, terwyl sewentien harde-arbeid of die kats of albei gekry het. Caledon moes sterk optree, want veral in die nabyheid van Kaapstad was daar 'n groot gekleurde bevolking, wat nieteenstaande die wet van 1807, aanvulling van oorsee gekry het. Af-en-toe is nl. slaweskepe opgevang en na die Kaap gebring, en terwyl die slawe nie kon verkoop word nie, en dit onwenslik was om hulle onmiddellik hulle vryheid te gee, het die regering hulle vir veertien jaar by mense ingeboek. 'n Groot gedeelte van die teenswoordige gekleurde bevolking van Kaapstad is van hierdie ingeboekte arbeiders afkomstig.

Van die werk van die Morawiese sendelinge onder die Hottentots het Caledon 'n hoë dunk gehad, en hy het hulle gehelp en aangemoedig; maar 'n besoek aan Bethelsdorp deur die reeds genoemde Collins het die goewerneur oortuig dat Van der Kemp en Read nie vir sendingwerk geskik was nie. Die hele kwessie van die posiesie van die Hottentots in die Kolonie het toe sy aandag geniet, en in 1809 het hy 'n ingrypende verandering in hulle status ingevoer, 'n verandering wat bereken was om leeglopery en rondswerwery teen te gaan en ook van die Hottentots langsamerhand werksame en ordelike mense te maak. Hy het gebreek met die ou fiksie dat hulle nog georganiseerde stamme onder erkende hoofde uitgemaak het. Selfs Janssens het hom nog hieraan gehou, en in die veronderstelling dat die verskillende stamme, onder die beskerming van die Kaapse regering, op hulle eie grond woonagtig was en daar volgens hulle eie wette en gebruik vir rus en orde sou sorg, was hulle nog altyd van alle belastings vrygestel, en kon hulle teoreties alleen voor 'n hof gedaag word in sake waarby die belange van blankes op die spel was.

Caledon het aan hierdie onhoudbare toestand 'n end gemaak. Deur sy beroemde proklamasie van 1 November 1809 het hy alle Hottentots binne die grense van die Kolonie onder



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die gewone wette gebring. Geen stamhoofde sou meer erken word nie, en nes elke blanke inwoner moes ook elke Hottentot 'n vaste verblyfplek hê. Om rondlopery te belet, is dan verder bepaal dat geen Hottentot sonder 'n pas van sy baas of 'n landdros of die fiskaal mog rondtrek nie. 'n Boer kon 'n swerwer wat geen pas kon wys nie, arresteer en voor die hof bring, waar hy volgens 'n ou wet teen leeglopery gestraf kon word. Caledon het by die opstel van sy proklamasie natuurlik ook aan die belange van die Hottentots gedink; hy wou hulle ophelp en beskaaf, en hy het hulle ook teen moontlike onderdrukking beskerm. So vind ons die verdere bepaling dat alle huurkontrakte tussen blankes en Hottentots voor die fiskaal, 'n landdros of 'n veldkornet moes gesluit en geregistreer word.

In die instruksies waarmee Caledon na Suid-Afrika gekom het, lees ons o.a.: „You are to enquire and report whether it may be necessary to erect any new forts or posts in any interior part of the settlement for the protection and security of our subjects against the Caffers and Hottentots or other savage tribes or for establishing and carrying on a commerce with them, and you are to use your best endeavours to conciliate their affections and induce them to trade with our subjects, and in order to prevent any improper conduct towards the said natives it is our further will and pleasure that you report to us the best accounts you can obtain....''

Met verwagtings dus, vergelykbaar met dié waarmee Here XVII vir Jan van Riebeek na die Kaap gestuur het, het die Engelse regering die goewerneursamp aan Caledon opgedra. Hy moes „in goede korrespondentie'' met die naturelle lewe, inligting omtrent hulle versamel, hulle teen moleste van die kant van die blankes beskerm en sodoende 'n winsgewende handel met hulle in die lewe probeer roep, maar hy moes ook sorgdra vir die veiligheid van die koloniste. In die instruksies wat in 1796 aan lord Macartney gegee is, het 'n klousule voorgekom wat met die bostaande ooreenstem; en waar ons weet dat hy hom oor die veiligheid van die grensboere weinig bekommer het, is die vraag nou of Caledon, wat die nuwe sisteem van wet en orde werklik ingevoer het, aan hierdie saak meer waarde sou heg. Ons het so-ewe gesien dat hy deur sy ordonnansie van 1809 'n kragtige middel teen die Hottentot-gevaar geskep het. Ook Boesman- en Kafferonluste het sy ernstige aandag geniet.

Klagtes uit die Sneeuberge en van die noordelike grens van die Kolonie en veral 'n versoek van die landdros van Tulbagh, Van de Graaff, om toegelaat te word om 'n kommando teen die

E2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Boesmans te stuur, het vir Caledon beweeg om in 1808 vir majoor (later kolonel) Collins na die Sakrivier te stuur om oor die toestande daar te rapporteer. Die verslag van Collins van 25 Junie 1808 het 'n nuwe hoofstuk in die naturelle-politiek van die Engelse regering aan die Kaap ingelei. As ons dit vergelyk met die bevindings van manne soos De Mist en Lichtenstein is daar wel weinig nuuts in: Collins kom ongeveer tot dieselfde gevolgtrekkings, nl. dat die Boesmans die rusverstoorders is, en dat die boere hulle aanvalle nie uitlok nie, maar inteendeel hulle probeer stilhou deur vee aan hulle te gee, en hy beveel aan dat die geteisterde blankes op die grens deur die regering teen inkoopprys van baie ammuniesie moet voorsien word. As ons egter die hele strekking van die rapport nagaan en ook op enkele passasies daarin let, en as ons nog verder daaraan dink dat Caledon die bevindings van Collins goedgekeur en sy hele verslag aan die Engelse minister van kolonies gestuur het, dan sal dit duidelik wees dat ons hier tot 'n belangrike keerpunt in die naturelle-politiek van die Kaapse regering gekom het. Van Barrow sê Collins: „(He) seems to have exerted all his ingenuity to exhibit the African farmers in the most unfavourable point of view, and (his) representations of their treatment of the aborigines, having been conveyed through the medium of eloquent declamation and specious philanthropy, seem to have been implicitly received and regarded as incontrovertible, although his statements respecting them are extremely incorrect, as I have known from many particulars that have fallen under my observation.''

Caledon het verlof verleen tot die oproep van kommando's teen die Boesmans. Teenoor hulle en die Hottentots het hy dus die nuwe politiek van wet en orde ingelei. Die Kaffer-probleem het hy egter nie aangedurf nie, en dat hy in hierdie belangrike opsig tekort gekom het, is een van die redes waarom sy naam in ons geskiedenis, nieteenstaande sy goeie bedoelings en dade, geen hoë roem verdien nie.

Na die twede verowering van die Kaap het die toestand op die oosgrens langsamerhand weer baie onheilspellend geword. Wat die oorsaak hiervan was, is moeilik om te sê. Minder soldate as die Bataafse regering het Caledon in die grenswyke, b.v. in Graaff-Reinet en Bruintjieshoogte en by Algoabaai, nie gehad nie, maar nieteenstaande hulle aanwesigheid het die Kaffers hoe langer hoe meer die Kolonie binnegedring en hulle roof- en moordaanvalle weer voortgesit. Cuyler uit Uitenhage en Stockenström uit Graaff-Reinet het volledige rapporte hieromtrent aan Caledon gestuur, en die eersgenoemde was van die staan-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

spoor af baie ontevrede oor die slegte invloed wat van Bethelsdorp uitgegaan het. Met die Hottentots het Cuyler egter nog op 'n manier klaargespeel, veral nadat Stuurman, wat by die Gamtoosrivier weer 'n bron van gevaar geword het, gearresteer en na Robbeneiland verban was; maar teen die Kaffers kon hy met die beperkende instruksies wat hy moes nakom, en die geringe militêre mag tot sy beskikking, nie veel uitvoer nie. As hy en Stockenström maar toegelaat was om kommando's op te roep, dan sou die onrus nie sulke afmetings aangeneem het nie, maar dié verlof is geweier, en die koloniste mog selfs nie op veediewe skiet nie. Alleen as lewensgevaar dreig, het die boer die reg gehad om sy geweer te gebruik; vir die res moes hy sy vee goed laat oppas, en as diewe kom, moes hy hulle lewendig probeer vang. Slaag die Kaffers daarin om met hulle buit weg te kom, dan moes onderhandelings met die betrokke hoof aangeknoop word deur die landdros of veldkornet. Geen wonder dat Cuyler aan die koloniale sekretaris, Alexander, skrywe: „The existing laws, not allowing Kaffirs to be fired at but in selfdefence, do not and cannot protect the property of the farmers, who have so materially suffered at the hands of the savages that I almost began to dread that in a short time their affection would be estranged from His Majesty's Government. The Kaffirs commit their outrages with confidence and impunity and defy the feeble attempts made to take them alive."

Caledon was bang om op militêre gebied enigiets groots in die Kolonie te onderneem of toe te laat. Hy het geweet dat die Engelse ministers dit sterk sou afkeur. Hy moes egter sy aandag aan die oosgrens gee, en in Januarie 1809 stuur hy vir Collins daarheen om sake te ondersoek. Tot ver in Kafferland het die reisgeselskap, waartoe ook Andries Stockenström, Jr., die seun van die landdros van Graaff-Reinet, behoort het, gegaan; ja, selfs tot oor die Keirivier. Collins het dus die Bantoegevaar op die oosgrens in sy groot omvang leer ken, en sy rapport toon aan dat hy dit as absoluut noodsaaklik beskou het dat aan die verdere opmars van die Kosas 'n end moes gemaak word. Hy beveel aan dat die Kaffers geforseer moet word om oor die Visrivier terug te gaan, en dat die grens 'n skeidingslyn moet wees wat nòg die boere nòg die Kaffers mag oorskrei. Collins was dus 'n voorstander van segregasie! Om die grens te beveilig, beveel hy dan verder aan dat 'n digte boerebevolking op klein plasies daar moet gevestig word, en dat 'n groot aantal immigrante vir dié doel uit Engeland moet ingevoer word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Nou was Caledon goed ingelig, maar hy het teruggedeins vir die energieke politiek van Collins se rapport. Die eerste stap sou 'n oorlog met die Suurveld-Kaffers beteken, en dit wou hy onder alle omstandighede vermy. Ongelukkig vind hy in sy onmiddellike omgewing steun vir sy pasifistiese planne, en nogal van 'n kant waar ons dit nie sou verwag het nie. Van Ryneveld, die voorsitter van die Hoë Geregshof, raai hom aan om die oostelike grensboere maar aan hulle lot oor te laat, want, sê hy: „it is better to submit to a certain extent of injury than risk a great deal for a prospect of advantage by no means certain.''

Collins se aanbevelings is dus nie uitgevoer nie, en die boere was vrywel aan die genade van die Kaffers oorgelewer. Baie grensplase moes verlaat word, en veral in die winter is vee in honderdtalle geroof. Ook die moorde op blankes en hulle bediendes het toegeneem. In Mei 1811 skryf Cuyler aan die Kaapse regering: „The Kaffirs have now by degrees got possession of a large portion of the frontier of Uitenhage, and by their repeated intrusions daily cause the inhabitants to retire more interior. Should they (the Kaffirs) continue as they have done for the last five years, in a short time we may expect to have the communication between Graaff-Reinet and this Drostdy cut off except to a large escort.... I dread the approaching winter may be very troublesome to the inhabitants, as the Kaffirs find they generally keep what they steal, which no doubt encourages them to continue roving.... When these marauders will cease God only knows!''

Kort voor sy vertrek het Caledon tog so ver gegaan om toe te stem dat Stockenström en Cuyler kommando's mag oproep om die Kaffers terug te drywe; maar sy moed het hom weer begewe, en die gegewe verlof is weer teruggetrek. Gelukkig vir die geteisterde grensboere het hy op 4 Julie 1811 die regering aan die luitenant-goewerneur, generaal Grey, oorgedra en na Engeland gegaan. Vir sy opvolger, sir John Cradock, wat nog op die uitreis was, het hy 'n brief agtergelaat, waarin hy erken dat sy konsiliasie-politiek 'n mislukking was: „The depredations (of the Kaffirs) require more active steps than those which have lately been enforced,'' is sy woorde. Sy idee was ook dat die lente 'n meer geskikte tyd sou wees om 'n oorlog op die grens te begin. Die toestand in die winter was egter so sleg, dat Grey die twee landdroste die kommando's laat oproep het; maar die versigtigheid van Caledon het ook hom so beklem, dat van 'n werklik doeltreffende offensief geen sprake kon wees nie. Die boere moes goed in toom gehou word, en die paar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

honderd Engelse soldate wat by Algoabaai en op Bruintjieshoogte naby die grens gestasioneer was, mog nie teen die Kaffers gebruik word nie.

Gedurende die winter is dan ook nie veel uitgevoer nie. Stockenström het wel daarin geslaag om die Tarka en ander dele van Graaff-Reinet, waar die Kafferinstroming betreklik klein was, van die barbaarse indringers te suiwer, maar hy en Cuyler het goed ingesien dat die verowering van die Suurveld die onontbeerlike vereiste vir die herstel van wet en orde op die grens was. Op 23 Augustus skryf hulle 'n gesamentlike brief aan Grey, waarin hulle 'n aanval op Slambie sterk bepleit en o.a. sê: „In the event of the attempt to take Slambie prisoner failing, we hope that confidence enough will be reposed in us to enable us to act as circumstances may seem to require and we take this opportunity of assuring Your Excellency that no more Caffres shall be shot than will be found absolutely requisite to the attainment of the desired end of *exterminating* them from the Zuurveld and driving them back into their own country, in order by that means to secure peace and tranquillity to the unfortunate inhabitants of these two districts.'' Majoor Lyster, die Engelse militêre bevelvoerder op die grens, was dit volkome eens met Stockenström en Cuyler, en het ook om verlof gevra om met sy manskappe aan 'n groot aanval op die Kaffers mee te doen, maar so kort voor die koms van die nuwe goewerneur wou Grey geen beslissende stap toelaat nie.

Op 6 September 1811 het sir John Cradock sy werk aan die Kaap aanvaar, en dit het gou geblyk dat *hy* in elk geval nie deur halfslagtigheid en vreesagtigheid mislei sou word nie. Hier was eindelik 'n man wat elke probleem aan hom gestel helder kon deursien, tot 'n duidelike besluit daaromtrent kon kom en dit met krag kon uitvoer. Reeds op 6 Oktober kry luitenant-kolonel Graham, van die Hottentotresjiment, opdrag om as opperbevelvoerder na die grens te gaan en daar onmiddellik met die grenskommando's en burgerafdelings uit Georg, Swellendam en Tulbagh en nog 'n duisend soldate, wat tot sy beskikking gestel is, krygsoperasies teen die Kaffers te begin. Cradock se instruksies was duidelik: „It will be my desire that you take the most effectual measures to clear His Majesty's Territories from the Caffre nation or marauders of any description and that they be repelled permanently within their own boundaries;'' en hy laat Graham 'n vry hand en belowe hom nog meer steun uit Kaapstad as dit mag nodig blyk. Des te gewilliger was Cradock om met die grootste beslistheid op te tree, omdat hy oortuig was dat die Kaffers hulle straf verdien



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

het. „I experience much satisfaction,'' skryf hy, „while entering upon a measure of this description, from the general information that His Majesty's subjects have not in any of the late proceedings been the aggressors, but that the Caffre nation have been constantly the depredators and offenders.''

Ook in 'n brief aan lord Liverpool, die Engelse minister van oorlog en kolonies, waarin Cradock die toestand op die grens beskryf en sy planne uiteensit, vind ons 'n gees wat vir lesers van Barrow se werk vreemd moes laat opkyk het. „I have the satisfaction,'' sê Cradock, „to add upon this subject, that the aggressions at present appear invariably to have been on the part of the Caffre kraals, and that the Dutch Settlers do not seem to have acted in any manner likely to produce the disorders.'' Liverpool was dan ook werklik baie ontsteld oor die berigte uit Suid-Afrika. In sy antwoord van 20 Desember 1811 laat hy duidelik blyk dat Cradock se afwyking van Caledon se konsiliasie-politiek en die moontlikheid van „a systematic war with the Caffre nation'' hom met besorgdheid vervul. Hy herinner die nuwe goewerneur aan wat lord Macartney, toe daar soortgelyke toestande op die grens geheers het, daaromtrent gerapporteer het, nl. „that the wretched natives are compelled to have recourse to robbing and various other irregularities in order to support life, *in consequence* of the injury which their peaceful possessions sustained from the inhabitants of the more distant part of the settlement, who reduced them to misery and want,'' en terwyl hy die hoop uitspreek dat Cradock baie goed sal ondersoek of dit nie nog die geval is nie, waarsku hy hom teen die bloeddorstige gees wat deur sommige rapporte van die grenslanddroste straal. Ja, met die diepste sedelike verontwaardiging wys die Engelse oorlogs-minister, op wie se bevel duisende soldate in Europa jaarliks omgekom het en wie se voorganger, nl. Castlereagh, in 1807 onskuldige vroue en kinders in Kopenhagen deur die Engelse kanonvuur laat verpletter het, na die sinne in die reeds aangehaalde rapport van Stockenström en Cuyler, waar hulle verlof vra om desnoods op die Kaffers te *skiet!* Barrow se rol in Engeland was dus nog lank nie afgespeel nie; by Cradock, nes by Collins, egter wel; en die antwoord van Liverpool het te laat in Suid-Arika aangekom om die energieke goewerneur tot versigtigheid te maan.

Teen die end van Desember staan Graham met sy hoofmag langs die onderloop van die Sondagsrivier, suid van die Suur- en Rietberge, klaar om die Kaffers uit hulle skuilplekke in die digte bosse en klowe tot oor die Visrivier te ja. Hy twyfel geen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

oomblik aan die uitslag nie. Hy maak veral staat op die burgers, wie se gedrag in die eerste skermutselinge die grootste vertroue by hom gewek het. Hy skryf: „I never in my life saw more orderly, willing and obedient men than the Boers.... whenever they have been engaged (they) have behaved with much spirit and (are) always most ready and willing to go upon any enterprise.'' Hy wag nog net vir Stockenström om met die Graaff-Reinetters oor die Suurberg op te daag. Die ou landdros maak egter nie sy verskyning nie, en tot sy groot ontsteltenis verneem Graham dat hy op 29 Desember gesneuwel het.

Landdros Stockenström het nie die bevel van Graham om met sy hele kommando oor die Suurberg teen die Kaffers op te ruk uitgevoer nie. Hy wou sy distrik nie so blootstel nie, en om die saak met Graham te bespreek het hy dus met slegs veertig man die pad na die suide toe ingeslaan. Teen dagbreek op 29 Desember ontmoet hy sowat 'n honderd Kaffers. Sy mense wou verbyry, maar Stockenström was gedetermineerd om alles te bereik wat deur onderhandeling bereikbaar was. Met veertien burgers ry hy dus die Kaffers tegemoet en klim ongewapend by hulle van sy perd af. Hy redeneer 'n geruime tyd vriendelik met hulle en maak eindelik weer aanstalte om sy reis voort te sit. Hy was egter skaars op sy perd, toe die Kaffers 'n skielike aanval maak en hom met dertien van sy burgers doodsteek. Die res het weggekom, en die nuus van die moord is na die kamp van die Graaff-Reinetse kommando, wat 'n paar uur daarvandaan verwyder was, gebring. Andries Stockenström Jr. het onmiddellik met 'n patrollie van agtien man die verraderlike vyande agterna gesit en 'n aantal in die stof laat byt, maar die dood van die onverskrokke en alom-gerespekteerde landdros was 'n gevoelige verlies wat nie maklik weer kon goedgemaak word nie. Aan die ander kant egter het dit weer vir almal die duidelike bewys gelewer dat die tyd van onderhandeling verby was. Ook Slambie se houding het dit bevestig.

Omstreeks die tyd van landdros Stockenström se dood het Cuyler suid van die Rietberg ook probeer om met die hoofde in onderhandeling te tree. Dit het hom nie geluk nie, want die Kaffers wou net oorlog maak, en by een geleentheid het ou Slambie op 'n afstand uit die bosse te voorskyn getree en 'n uitdagende redevoering afgesteek. „Hier is g'n heuning nie,'' sê hy, „ek wil heuning eet, en om dit te kry sal ek tot oor die Swartkopsrivier gaan.'' Hy stamp op die grond en roep: „Hierdie land is myne. Ek het dit in die oorlog gewen, en ek sal dit behou.''



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

In die eerste week van die nuwe jaar begin toe die veldtog in die bosse. Veral aan die burgers was dit opgedra om die voorste skoonmaakwerk te doen, en Graham se vertroue in hulle was nie misplaas nie. Met baie geringe verliese aan hulle kant het hulle reeds in die eerste paar dae die Kaffers uit hulle skuilplekke naby die Sondagsrivier geja en heelwat vee gebuit. Koengwa het gesneuwel, maar ook die Kaffers het g'n groot verliese aan menselewens gely nie, want vóór die gedetermineerde aanval van die blankes het hulle eenvoudig op die vlug gegaan. Verstrooide klompies het na die noorde omgeswaai en in die klowe van die Suur- en Rietberge die verdediging voortgesit, maar Slambie was onder diegene wat sonop gehou het. Sy lus vir heuning was weg, en toe Graham met 'n deel van sy manskappe teen die middel van Januarie by die Visrivier aankom, het die grootprater reeds in Kafferland gaan veiligheid soek. Die suiwering van die Suur- en Rietberge het ook nie te veel tyd in beslag geneem nie. Verdere versterkings is uit Kaapstad gestuur, en die Graaff-Reinetters onder die seun van die vermoorde landdros, was nou ook in volle sterkte op die suidelike oorlogsterrein. Teen die end van Februarie was die oorlog oor, en kon Cradock aan Liverpool skrywe: „It affords me great satisfaction to be enabled to announce to your Lordship that the whole of the Kaffir tribes have been expelled from His Majesty's territories.''

Met die verdwyning van die Kaffers uit die Suurveld en Bruintjieshoogte was die oostelike grensprobleem egter nog nie finaal opgelos nie, en Cradock het na finaliteit gestreef. Reeds in die winter van 1812 het die grensboere, wat op Graham se bevel na hulle verwoeste plase teruggekeer het, weer begin vee verloor. Die Kaffers het nl. snags oor die rivier gekom en die ou rooftaktiek voortgesit. Vir Cradock was dit duidelik dat aan hierdie invalle slegs 'n end kon gemaak word, as daar 'n absolute grens tussen Wit en Swart sou geskep word. Hy het die segregasie-politiek van Collins onderskryf, en om die weg daartoe te baan, het hy 'n ander voorstel van Collins op sy onmiddellike program gesit. Die bevel van Graham aan die boere om dadelik hulle verlate leningsplase weer in besit te gaan neem, het nie die goedkeuring van die goewerneur weggedra nie. Hy was vas besluit om geen verdere leningsplase uit te reik nie, en volgens sy opvatting het die boere wat weëns die Kafferinvalle hulle plase ontruim het, alle aanspraak daarop verbeur. Hy skrywe aan Graham: „It is impossible not to observe that the country has been lost to the inhabitants and is recovered by the king's arms, aided certainly by the inhabitants, and



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

that the former system under which that country was lost cannot be again recurred to.''

Ons sal later Cradock se nuwe grondstelsel meer in besonderhede behandel. Hier is vir ons alleen van belang dat hy op die grens veel kleiner plase, en wel in eiendom, wou uitgee om sodoende dié digte boerebevolking daar in die lewe te roep wat ook die ideaal van Collins was. Cradock tree hier in 'n nuwe lig voor ons. Die uiteindelike doel van Collins, wat ook hy voor oë had, nl. om op die oosgrens as 'n wal teen die Kaffers 'n sterk Engelse plattelandse bevolking te hê, het by hom veel swaarder geweeg as die aanspraak van die Afrikaanse boere op hulle ou plase.

Veel tyd moes egter nog verloop, voordat dié „influx of British immigrants,'' waarvan Cradock gedroom het, kon plaasvind, en in die tussentyd moes onmiddellike stappe gedaan word om die grens te beveilig. 'n Sterk grenswag was natuurlik onontbeerlik, en aangesien die burgers nie te lank op kommando kon gehou word nie, is die Hottentotregiment tot 800 versterk en ook 'n aantal dragonders daarvoor gebruik. Hierdie grenssoldate moes van uit 'n aantal bevestigde punte patrolliediens doen en die Kaffers belet om oor die Visrivier te kom. Tot hoofkwartier is 'n geskikte plek uitgesoek, waaraan in Augustus 1812 die naam Grahamstown gegee is. Militêre barakke het weldra hier verrys, en onder kolonel Vicars, wat by die vertrek van Graham na Engeland sy betrekking as grenskommandant oorgeneem het, het die nuwe militêre sentrum gou tot 'n dorp ontwikkel. Reeds in 1812 was dit ook reeds die setel van 'n assistent-landdros, nl. kaptein Fraser, wat aan Cuyler van Uitenhage ondergeskik was; en in die verbygaan moet hier ook melding gemaak word van 'n soortgelyke benoeming verder na die noorde toe, waar die jong Andries Stockenström as assistent-landdros van Graaff-Reinet 'n middelpunt moes uitsoek vanwaar hy die oostelike dele van die groot noordelike distrik moes administreer en van Kaffers skoonhou. Sy oog het eers op Grootfontein naby die teenswoordige Middelburg geval, maar in Junie 1813 het hy Buffelskloof, die leningsplaas van 'n sekere Piet van Heerden, as meer sentraal-geleë uitgekies. Van Heerden het 3,500 riksdalers skadevergoeding gekry, en op die spesiale versoek van die dankbare noordelike grensboere self het Cradock in 1814 sy eie naam aan die nuwe dorpie op die Visrivier gegee.

Om die grensbewaking nog meer effektief te maak het Graham reeds aan sy ondergeskiktes die bevel gegee om alle manlike ronddwalende Kaffers, wat oor die grens kom, as



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

vyande te beskou en te skiet. Cradock het hiermee heeltemal akkoord gegaan, en hy het verwag dat Vicars nou nie meer baie moeite sou hê om die grens skoon te hou nie. Ja, hy het selfs reeds aan 'n moontlike vermindering van die grenswag gedink. Hy het die Kaffers natuurlik te gering geskat. Solank soos die moontlikheid om vee te roof voorhande was, sou die verhoogde gevaar hulle wel versigtiger maak, maar seker nie afskrik nie. Die witman was nou eenmaal die verklaarde vyand, en menige jong Kaffer het sy manlikheid bewys deur die *lobola* vir sy aanstaande vrou oorkant die grens te gaan haal. Die veediefstalle het dus aangehou en toegeneem.

Cradock se posiesie was moeilik. Teen die sin van lord Liverpool het hy die oorlog teen die Kaffers begin. In die tussentyd het Liverpool Eerste Minister van Engeland geword, en lord Bathurst, wat dit met hom volkome eens was oor „the impolicy of systematic warfare with the Caffres,'' het die portefeuljie van oorlog en kolonies in sy kabinet gekry. Om sy eiemagtige optrede te regverdig moes Cradock dus in staat wees om so gou soos moontlik te rapporteer dat al die moeilikhede op die grens oor was, en dat die Kaapse garnisoen nie meer vir 'n groot deel in die binneland sou gebruik word nie. Bathurst het hierop aangedring. Napoleon was nog nie verslaan nie; hy was trouens op pad om met 'n ontsaglike leër die laaste gevaarlike vyand op die vasteland van Europa, nl. Rusland, te onderwerp, en niemand kon vooruit weet dat sy dramatiese val so naby was nie. Boonop het die Verenigde State van Noord-Amerika in Junie 1812 die oorlog aan Engeland verklaar en suksesse op see behaal. 'n Aanval op die Kaap was dus nie heeltemal uitgesluit nie, en in 'n brief van Bathurst aan Cradock van 29 Julie 1812 vind ons o.m. die volgende: „I can only assure you that it will give me great satisfaction to learn that you have been enabled to terminate (the present hostilities) with a fair prospect of permanent tranquility in future. If so desirable an object cannot be secured without restoring to the Caffres some part of the land from which they have been expelled, it would not perhaps be inconsistent with sound policy to make the sacrifice, if it will not interfere with the rights of other individuals.''

Cradock was bitter teleurgestel met die gebrekkige steun wat hy van die Engelse regering gekry het, en, soos ons nog sal sien, het die filantrope juis in hierdie tyd 'n sterk poging aangewend om die Barrow-tradiesie in Suid-Afrika nuwe lewe in te blaas. Die uitgerekte moeilikhede op die grens was verder genoeg om die goewerneur mismoedig te maak. Hy vra in elk



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

geval om sy ontslag, maar hy besluit ook om self die bynes in die ooste te gaan besien. In November en Desember 1813 was hy dan in Uitenhage en die Suurveld en het hy langs die grens na Graaff-Reinet gegaan. Die boere het hom hartlik verwelkom, en hulle versoek om die nuwe onderdrosdyskap van Graaff-Reinet na hom te noem, val juis in hierdie tyd. Sy optrede het hulle oor die algemeen grootliks bevredig, want sy standpunt omtrent die aanvalle van die Kaffers was nog altyd: „They must be put an end to;'' maar onder die indruk, soos hy was, van die briewe van Liverpool en Bathurst en van die toenemende invloed van die filantrope, kon hy werklik deurtastende maatreëls nie verder goedkeur nie. Die vraag was nl.: wat moes gedaan word as Kaffers daarin slaag om met gesteelde vee oor die rivier in hulle eie land terug te val. Cradock wou onder geen omstandighede toelaat dat die burgers hulle daarheen agtervolg nie. Die grenswag moes dit doen, en die aanvoerder van so 'n militêre ekspediesie kon met wapengeweld op die teruggawe van die geroofde beeste aandring en kon ook die tuine van die Kaffers laat verniel, maar selfs as al die gesteelde vee geslag of weggesteek was, mog geen Kafferbeeste in die plek daarvan geneem of na die Kolonie gebring word nie. Cradock se instruksie hieromtrent was beslis en duidelik. Aan Vicars skryf hy: „I shall particularly enjoin that no Kaffir cattle, under any pretence of reprisal, be taken away, but that everything be conducted under the decided view of just retaliation alone, so that even these savages shall not suppose we entered their country for plunder.''

Onder hierdie stelsel van gematigde aggressiwiteit het kaptein Fraser oor die Visrivier gegaan om sowat 'n duisend beeste wat die boere van die oostelike Suurveld alweer kwyt was, te gaan haal. Die Kaffers het hulle baie oor die witmense verwonder. Fraser kon maklik twee duisend beeste buitgemaak het; hulle was daar klaar om aangeja te word, want die Kaffers het alles in die steek gelaat en op die vlug gegaan; maar slegs 'n 140 gemerkte beeste is teruggebring. Die hele onderneming was 'n klugspel, maar Cradock het dit nie as sulks beskou nie. Hy het gemeen dat die Kaffers uiteindelik tog sou insien dat dit vir hulle beter was om in hulle land te bly. Van onderhandelinge met die hoofde het hy egter tot op die laaste niks verwag nie. Hy wou liewer die skeiding tussen wit en swart op die oosgrens absoluut maak. In 'n skrywe uit Grahamstad sê hy: „They (the Kaffirs) are a people so devoid, apparently, of all faith and so intent, by nature, on plunder, that it would be idle, visionary to attempt to keep up any communication (with them).''



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Cradock het natuurlik in sy tyd na 'n onbereikbare doel gestreef; die vasstelling van 'n onoorskreibare grenslyn was 'n droombeeld, wat nie verwesenlik kon word nie; maar hy het tog veel uitgevoer. Die ou suiwer posiesie van 1781 was eindelik herwin; die Suurveld was weer witmansland; en die oorlog en die daaropvolgende grensreëling het aan die oostelike veeboere 'n mate van veiligheid gegee soos hulle lank nie geken het nie. Cradock het dus werklik 'n groot sukses van sy oostelike grens-politiek gemaak.

## § 3. „Die Swarte Ommegang."

Dat die nuwe politiek van wet en orde wat Caledon en Cradock ook teenoor gekleurdes en naturelle gevoer het, meer en meer die filantrope vir die spesiale voorreg van hulle beskermlinge, die natuurkinders, nl. om ongebonde te wees, besorg gemaak het, blyk in hierdie tyd uit die episode in ons geskiedenis wat as „die Swart Ommegang" bekend is. Ons sal ons herinner dat Van der Kemp en Read reeds in 1803 'n lys van klagtes oor beweerde onmenslike mishandeling van Hottentots deur boere aan Janssens oorhandig het. Ons weet dat die twee Bataafse regeerders, nadat hulle die toestande deur persoonlike waarneming leer ken het, die bedoelde beskuldigings nie meer ernstig opgevat het nie, en veral daarop nadruk gelê het, dat die twee sendelinge hulle liewer aan hulle eie werk moes wy en dit heeltemal op 'n ander en beter manier moes inrig en uitvoer. Van der Kemp en Read het geen gevolg aan die raadgewings van die owerheid gegee nie. Hulle het meer beskuldigings versamel en 'n gunstiger tyd afgewag. Van Cuyler het hulle nog minder simpatie gekry, en toe hy, gesteun deur Caledon, die weg ingeslaan het om die Hottentots aan die pligte van die gewone burgerlike bevolking te onderwerp en o.a. van hulle geëis het dat hulle moes ophou rondloop en, nes die blankes, militêre diens moes doen, het Read by die hoofkwartier van die Londense Sendinggenootskap hulp gesoek. Hy het 'n brief aan die direkteurs gerig waarin hy beweer het: dat die Hottentots onmenslik wreed deur die boere behandel word, dat meer as 'n honderd moorde op hulle in die distrik Uitenhage alleen aan hom en Van der Kemp gerapporteer was, en dat Caledon en Cuyler albei hulle ore vir die noodgeskrei van die armsalige gekleurdes gesluit het. Hierdie brief is in Engeland gedruk, en Wilberforce het sy steun verleen om dit onder die ernstige aandag van die Britse regering te bring. Op 9 Augustus 1811 rig lord Liverpool dan 'n skrywe aan sir John Cradock, waarin



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

hy hom beveel om die klagtes deeglik te laat ondersoek en die onderdrukkers en moordenaars swaar te straf.

Cradock het alles in sy vermoë gedaan om uitvoering te gee aan die opdrag van Liverpool. Read is vroegtydig gewaarsku om sy bewysmateriaal gereed te maak en getuies te soek, en hy en sy vriende het g'n steen onaangeroer gelaat om die beskuldigings te staaf nie. Van der Kemp kon hom egter daarby nie behulpsaam wees nie, want in Desember 1811 is hy oorlede. In September 1812 het die twede rondgaande hof, wat spesiaal die Hottentotklagtes in Georg, Uitenhage en Graaff-Reinet sou behandel, op reis gegaan. Dit het uit twee regters bestaan, Strubberg en Cloete. Die hoofregter, Van Ryneveld, sou ook saamgegaan het, maar hy het kort tevore gesterf. Jan Andries Truter, die fiskaal, het hom in sy amp opgevolg, maar het nie vir Strubberg en Cloete vergesel nie. Dit was gebruiklik dat die landdros in sy distrik voor die rondgaande hof as publieke aanklaer optree, maar om die onpartydigheid van die hof bo alle verdenking te verhef het Cuyler versoek om by hierdie geleentheid van dié plig ontslaan te word, en advokaat Beelaerts van Blokland, wat as fiskaal in die Bataafse tyd en as sekretaris van die Hoë Geregshof na 1806 deur sy regskennis en opregtheid naam gemaak het, is spesiaal saamgestuur om die vervolging te lei. Die Jurie-stelsel was nog nie in Suid-Afrika ingevoer nie, en die gevaar dat die uitspraak van die hof eenvoudig die vooroordeel van die burgers sou reflekteer, was dus ook uitgesluit.

„Die Swart Ommegang'' het vier maande geduur. Meer as vyftig sake teen blankes is behandel. Vyftien wit mans en twee wit vrouens is van moord beskuldig, nog vyftien mans en vroue van aanranding op gekleurdes, en die res van onregmatige terughouding van Hottentotkinders, vee of lone. Die beskuldigings, wat aan Janssens gesubmitteer was, het almal weer op die tapyt gekom en die vermoede wat ons van die staanspoor af gekoester het, nl. dat hulle te buitensporig was om waar te wees, is deur die ondersoek van die hof bevestig. Hier is 'n voorbeeld van ernstige beskuldigings, wat klaarblyklik op die grofste en moedswilligste verdraaiïng van feite berus het, en dit is kenmerkend van die meeste gevalle:—

Martha Johanna Ferreira is o.a. daarvan beskuldig, dat sy met opset 'n Hottentotmeid, Rachel, in 'n pondok lewendig verbrand het en 'n Hottentot-kleinjong, Hendrik, onmenslik wreed mishandel het deur sy voete in 'n pot kokende water te steek, sodat die tone afgeval het. Na deeglike ondersoek het geblyk dat Rachel siek in haar struis gelê het, dat sy deur mevr.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Ferreira van kos voorsien en verpleeg is, dat sy weëns haar siekte toegelaat is om 'n kers en vuur by haar te hê, en dat sy hiermee ongelukkig in 'n winderige nag die pondok aanbrand gesteek en in die vlamme omgekom het, voordat iemand haar kon help. Ook die geval van Hendrik het die beskuldigde in 'n gunstige lig voor die regters laat verskyn. Hy het agter die kalwers in die veld verdwaal en verkluim geraak, en toe hy eindelik na baie soek gevind en na sy baas se huis gebring is, het mevr. Ferreira hom verpleeg en sy lewe gered. Dat hy na sy herstel slegs 'n stuk of wat tone kwyt was, het hy aan die sorg van sy nôi te danke gehad.

Die resultaat van die hele ondersoek was as volg: In verreweg die meeste gevalle, en dit geld veral van die ernstigste beskuldigings, was die getuienis van so 'n onbevredigende aard dat die aangeklaagdes onmiddellik vrygespreek is; geen beskuldiging van moord is voor die hof bewys nie; en slegs enkele boetes vir te hardhandige kastyding en ligter vergrype is opgelê. Daar was wel rede om te glo dat sommige blankes somtyds gekleurdes wat in hulle diens was, te swaar gestraf het, maar die lot van die gekleurde arbeider in Suid-Afrika was oor die algemeen, wat dit betref, soos De Mist dit vir ons beskrywe het, en die groot bohaai wat Read se klagtelys in die lewe geroep het, was 'n griewende onreg teenoor die Afrikaanse volk. In hulle rapport het die regters geskryf: „That if Messrs. van der Kemp and Read had taken the trouble to have gone into a summary and impartial investigation of the different stories related to them, many of those complaints which have made such a noise, as well in as without the Colony, must have been considered by themselves as existing in imagination only, and consequently neither the Government nor the Court of Justice would have been troubled with them."

Hierdie saaklike bevinding, tesame met die hele resultaat van die ondersoek, het die goeie naam van die koloniste in die regte lig gestel. Dit was werklik 'n geval waar die beskuldigers veel slegter daarvan afgekom het as die beskuldiges, want omtrent Bethelsdorp, die broeines van die lasterkampanjie teen die boere, het die regters gesê dat dit 'n skuilplek van diewe en moordenaars was, en in één sin: „Laziness and idleness, and consequently dirt and filth, grow there to perfection," het hulle 'n vernietigende oordeel oor die werk van Van der Kemp en Read uitgespreek. So het dan hierdie aanval van die filantrope op die Afrikaanse volk, hierdie herlewing van Barrow se invloed in Suid-Afrika voorlopig weer tot 'n end gekom, maar die uiteindelike oorwinning van die redelikheid oor fanatisme,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van die waarheid oor wanvoorstelling, sou nog baie lank op hom laat wag. Enkele jare later sou die man na Suid-Afrika kom, wat met volslae sukses en treurige gevolge die banier van Barrow weer hier sou ontvou, nl. dr. Philip, en in die tussentyd het die koloniste die belediging wat hulle aangedaan was, met onwil verkrop. Hulle het gevoel dat hulle naam, in Europa altans, selfs nie deur die weloorweë bevinding van 'n onpartydige regbank van blaam gesuiwer was nie, en die gevaarlike toestand, nl. dat die ou gevestigde beskaafde bevolking 'n vyand had, wat onder die simbool van die Kruis 'n verbond met die barbarisme gesluit het, is bestendig.

## § 4. Stoflike en Geestelike Aangeleenthede.

Ons het ons totnogtoe alleen met die politieke en konstitusionele gebeurtenisse besig gehou wat in die jare 1806 tot 1814 vir ons volkontwikkeling van betekenis was. Hulle vorm 'n verhaal wat maklik uiteengesit en onthou kan word. Moeiliker is dit om na te gaan, in watter opsigte ook die ekonomiese en geestelike grondslae van die beskaafde samelewing in Suid-Afrika destyds aan groei en verandering onderhewig was; maar hoe lastig en oninteressant hierdie taak ook mag skyn, ons kan dit nie links laat lê nie; want as ons ophou om daarvan bewus te bly dat die lewe van ons voorouers, veel meer nog as ons eie, vir 'n baie groot gedeelte buitekant die sogenaamde „politiek'' sy gang gegaan het, sal ons voorstelling van hulle eensydig en onjuis word. In die ontwikkelingsbeeld wat ons probeer invul, moet dus sulke prosaïese sake soos geld en marke, produksie- en bevolkingsyfers, die uitgee van plase en die stigting van nuwe gemeentes, ens. van tyd tot tyd tot hulle reg kom, en by nadere kennismaking sal ons miskien eindelik ontdek dat hierdie dinge geensins tot die droë bene van die geskiedenis behoort nie.

Gedurende die agtiende eeu het die Suid-Afrikaanse ekonomiese geskiedenis 'n eienaardige slingergang gehad. Tye van ekonomiese depressie en bloei-periodes het mekaar afgelos, soos die maer en vet jare in die land van die Faro's. Ook die eerste Engelse tydperk het ons leer ken as so 'n periode van ekonomiese bloei, enigsins vergelykbaar met die regeringstyd van Ryk Tulbagh of die jare 1781 tot 1791. Tydens die Bataafse bewind het die slinger weer 'n entjie teruggeslaan, maar 'n eintlike depressie het nie gekom nie, omdat die Kaapse mark tog nog afsetmoontlikhede gebied het en die droogte op 'n end was. Die eerste vraag is nou, of die jaar 1806 weer 'n bloei-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

periode ingelei het. Die antwoord hierop is nie so eenvoudig nie. As ons op die mark let wat na die twede Engelse verowering vir die boere in Kaapstad ontstaan het, dan wil dit skyn asof ongekende voorspoed onder die koloniste moes geheers het. Die groot Engelse garnisoen van tussen 4,000 en 5,000 man en die sterk herlewende skeepsverkeer het 'n baie groot navraag veral vir koring, vleis en perdevoer laat ontstaan. Ook ander tekens van toenemende welvaart was aanwesig. Engelse handelaars wat in Kaapstad die plek van die ou Kompanjie ingeneem en 'n kommersiële voorsprong onder die ongeoefende Hollandssprekende bevolking behaal het, wat hulle baie lank sou behou, het vir duisende ponde ware uit Engeland ingevoer en goeie besigheid onder die boere daarmee gedaan. Die sensus-syfers vertel dieselfde storie. Die bevolking neem vinnig toe, en nie deur immigrasie nie, want die werklike Engelse instroming sou eers later plaasvind. In Desember 1806 was die getalsterkte van die blank koloniste ongeveer 26,500, en sewe jaar later staan dit op byna 34,000. Die regeringsinkomstes duie ook groot vooruitgang aan: in 1806 staan dit op 516,000 riksdalers en in 1813 op 1,150,000 riksdalers! Hierby moet dan nog gesê word dat hierdie groot vermeerdering nie die gevolg van belastingverhogings was nie. Die invoerregte is enigsins tot voordeel van Engeland gewysig, maar vir die res is die ou belastingskaal vrywel onaangeroer gelaat. Eindelik wys ons dan nog op die in- en uitvoersyfers, wat na albei kante toe 'n mooi styging aantoon. In 1807 is vir gebruik hier artiekels tot 'n waarde van omtrent 90,000 rds. ingevoer, in 1810 tot 'n waarde van 330,000 rds. en in 1813 vir byna 1,900,000 reds. Daarnaas is aan Kaapse produkte in dieselfde jare uitgevoer vir 126,872 rds., 316,900 rds. en 780,405 rds. respektieflik.

Dit lyk alles baie mooi, maar as ons nou verder in aanmerking neem die opgaafsyfers vir die wyn- en graanoeste en die veestapel in hierdie jare, dan skyn dit waarlik nie asof ons met 'n groot vermeerdering, wat produksie betref, te doen het nie. Nou moet ons dadelik erken dat die opgaafsyfers baie onbetroubaar was, en dat dit dus verkeerd sou wees om te veel betekenis aan hulle te heg, maar as daar 'n algemene en sterk vermeerdering van produksie in hierdie tyd plaasgevind het, dan kon ons tog verwag het om enigsins duidelike tekens daarvan in die opgaafsyfers te sien. Dit is nie die geval nie. Vergelyk hiervoor die volgende syfers:

| *Veebesit van Koloniste.* | *Beeste.* | *Skape.* |
|---|---|---|
| 1807: | 200,000 | 2,000,000. |
| 1813: | 255,000 | 1,860,000. |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

| *Oeste.* | *Koringoes (mud).* | *Wynoes (lêer).* | *Brandewyn (lêer).* |
|---|---|---|---|
| | 118,000 | 9,433 | 841 |
| | 135,000 | 6,724 | 579 |

Die verklaring van die skynbare kontradiksie tussen produksie en in- en uitvoer moet dan ook gesoek word nie alleen in die onbetroubaarheid van die opgaafsyfers nie, maar ook in 'n ongelukkige finansiële politiek wat destyds gevolg is en wat die ekonomiese toestand, nieteenstaande die goeie mark, nadelig beïnvloed het, en dit vir ons, nes vir ons voorouers van 'n eeu gelede, baie moeilik maak om 'n suiwer beeld van die werklike ekonomiese toestand te kry.

In 1806 was daar in omloop aan die Kaap 'n bedrag van ongeveer 2,086,000 riksdalers, en die ekonomiese vooruitsigte was so gunstig, dat hulle in ruil vir Engelse geld of Spaanse dalers hulle oorspronklike waarde van 48 stuiwers of 4/- weer gekry het. Volgens die kapitulasie-voorwaardes is hulle tradisionele waarde gewaarborg, en die algemene opvatting was dat hieronder 48 stuiwers verstaan moes word; maar hoe mense ook oor die juistheid van so 'n opvatting kon en kan verskil, één ding is seker, nl. dat die riksdaler teen minstens 40 stuiwers of 3/4, sy gewone koers na 1795 gewaarborg was. Van 1806 tot 1809 het die wisselkoers dan ook die geloof aan 'n betreklike hoë waarde van die riksdaler versterk. Baird het wel sowat 83,000 nuwes laat druk om graan mee op te koop, en miskien gedeeltelik as gevolg hiervan het die waarde gedaal van 4/- in 1806 tot 3/4 in 1809, maar die vertroue in die Kaapse papiergeld was nog nie geskok nie. Pas, egter, was Caledon hier, of hy begin met aan die riksdaler te peuter. Die geldmanne van Kaapstad kla by hom dat daar te min geld in omloop is. Hy neem hulle besware baie ernstig op, omdat hulle hom oortuig het, en ook omdat hy geld nodig had om nuwe drosdye, tronke en kerke te bou, en reeds in Februarie 1808 skrywe hy aan die Britse regering om verlof om die kapitaal van die Leningsbank met 400,000 nuwe papierriksdalers te vermeerder. Hy wys in sy brief op die eienaardige gewoonte van die koloniste om hulle geld in kiste te bêre, waardeur groot somme vir 'n lang tyd aan die verkeer onttrek word, en wat o.a. tot gevolg het dat die hele kapitaal van die Leningsbank, 810,000 rds., uitgeleen bly. Die Engelse minister, Castlereagh, was baie geïnteresseer om dit te verneem, en in Mei 1809 skrywe hy 'n lang brief aan Caledon met die volgende inhoud:

„Dit wil my voorkom asof die Leningsbank 'n baie slim plan was om deur die uitgee van papiergeld die regeringsin-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

komstes te vermeerder. In Engeland (as die regering geld nodig het) word skatwissels uitgegee, waarop die staat byna 5% rente aan die intekenaars betaal, maar aan die Kaap druk die regering eenvoudig papiergeld, leen dit aan die mense en kry 5% rente van hulle. Verder blyk dit dat die Koloniste daar versot op is om die geld waarop hulle moet rente betaal te bêre. Die verstandigste politiek lyk dus vir my om die papiergeld te vermeerder, sodat die Koloniste genoeg sal hê om te bêre en die handelaars om mee besigheid te doen.''

Na die ontvangs van hierdie brief het Caledon g'n gras onder sy voete laat groei nie. Hy vra onmiddellik verlof om één miljoen papierriksdalers uit te gee, 500,000 as addisionele kapitaal vir die bank en 500,000 vir publieke werke en geboue. Liverpool, die Engelse minister van oorlog en kolonies, het geen beswaar hierteen gehad nie, en in Junie 1810 is die kapitaal van die Leningsbank met 'n halfmiljoen riksdalers vermeerder. In Cradock se tyd is ook die twede helfte in omloop gebring, sodat daar teen die middel van 1814 in omloop was meer as 3,100,000 papierriksdalers, vergelyk met 2,086,000 in 1806; m.a.w. op die krediet van die regering alleen en as gevolg eenvoudig van 'n regeringsbesluit is die papierriksdalers, wat die geld van die Kaap was, binne vier jaar met byna 50 % vermeerder.

Laat ons goed begryp dat ons hier gladnie met 'n finansiële transaksie te doen het, waarby aan die voordeel van een of ander persoon gedink is nie, en dat die hele som onder behoorlike outorisasie vir die belange van die land gebruik is; maar laat ons ook nie vergeet nie dat dit moeilik sal wees om in die geskiedenis van beskaafde volke baie voorbeelde van 'n ewe roekelose omspringery met geldwaardes te vind. Die gevolge het nie lank op hulle laat wag nie. Die papierriksdalers het vinnig gedepresiëer. In 1809 staan dit op 3/4 en in 1814 op 2/3! Dieselfde handelaars wat om die vermeerdering gesmeek het, sing nou 'n ander deuntjie. Hulle kla by Cradock dat die Engelse wissels, waarmee hulle hul skulde in Engeland vir ingevoerde artiekels moes betaal, so verskriklik duur word. Waar hulle in 1806 5,000 riksdalers vir 'n wissel van £1,000 betaal het, moes hulle nou by die 9,000 riksdalers in ruil daarvoor gee, en by iedere veiling van wissels het hulle waarde in riksdalers gestyg. Die pryse van ingevoerde artiekels veral het geweldig in die hoogte gegaan, en ofskoon die boer wel iets meer vir sy produkte gekry het, moes hy soveel meer vir koffie, suiker, yster, weefstowwe, ens., betaal, dat hy op slot van sake nie veel beter af was nie. Baie swaar jare het vir dié mense aangebreek, wie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

se salarisse in riksdalers vasgestel was, die landdroste, predikante, regters, ens. Slegs 'n klein groepie het uit die depresiasie van die riksdaler voordeel getrek. Dit was die hoë beamptes wie se salarisse in pond sterling bereken was; en dit was 'n baie ongesonde toestand dat juis dié mense, nl. die goewerneur en sy hoofde van departemente, wat daar geldelik by gebaat het, as die Engelse wissels duur verkoop is, want hulle het ook dan meer riksdalers per maand aan salaris getrek, die wissels op die mark gebring het. Ook vir die Britse regering was die finansiële politiek van Caledon buitengewoon voordelig. Die pryse van die Kaapse produkte het ook wel gestyg, maar glad nie so vinnig soos dié van die Engelse wissels nie, en volgens Engelse geld was dit moontlik om die Britse soldate hier baie goedkoop te voed en perdevoer en skeepsprowiand teen geringe pryse te kry.

As ons nou weer ons oog oor die syfers laat gaan wat skynbaar van 'n groot vermeerdering van die Kaapse produksie en rykdom getuig, dan sal ons sien dat voor ons 'n suiwer berekening kan maak, die syfers gewysig moet word. So moet b.v. elke som in riksdalers van 1814 of 1815 met byna die helfte verminder word, voordat ons dit met 'n bedrag in 1806 kan vergelyk. Nou is dit wel waar dat selfs as ons met die depresiasie rekening hou, die regeringsinkomstes en die in- en uitvoer nog altyd 'n mooi vooruitgang aandui; en die feit dat daar met 1806 weer 'n bloeiperiode vir die Kaap aangebreek het, laat hom dan ook nie wegredeneer nie. Waar ons egter hier op klem wil lê is dit: dat die finansiële politiek deur Caledon ingelei, baie ongesond was en uiteindelik die hele Kolonie nadelig moes affekteer. Cradock het dit duidelik ingesien, en met sy gewone deurtastende moed was hy ook dadelik met 'n plan gereed. Sommige mense het die teorie verkondig dat die depressie van die riksdaler nie die gevolg van inflasie ('n teveel aan papiergeld) was nie, maar alleen deur 'n ongunstige handelsbalans veroorsaak is. Die Kaapse handelaars sou nl. teveel artiekels uit Engeland ingevoer het, en hulle sou dus die grondbeginsel, nl. dat 'n land net vir soveel in 'n ander land kan koop, as wat in sy eie land of 'n ander land aan die vreemdes verkoop is, verkrag het. Vandaar dan hulle moeilikheid om genoeg Engelse wissels te kry! Vandaar die feit dat hulle mekaar nou by die veilings van wissels opgeja het! Aan hierdie verklaring het Cradock nie geglo nie, en ons mag hier sê dat dit nie die juiste verklaring is nie. As 'n mens die syfers nagaan, sal gevind word dat die waarde van die Kaapse produkte wat in Suid-Afrika aan Britse troepe en skepe en in Engeland verkoop is, ruim voldoende was



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011